DIE KONINGIN VAN DIE SUIDE

 Laat ons bly staan, net 'n oomblik, terwyl ons ons hoofde buig en met die Here praat, net 'n oomblik.

2 Here God, ons is bly vanaand, omdat U so goed was vir ons in die vorige aande van hierdie herlewing en hierdie byeenkoms. En hoe die weerman omtrent elke dag voorspel het, daar storms en reën sou wees, maar U het dit nie een keer laat reën nie, en ons is dankbaar teenoor U vir hierdie dinge, omdat ons glo, Here, dat U ons ontmoet het, en ons geseën het, en ons stort net die einste aanbidding van ons harte uit teenoor U.

3 En ons wil U vanaand vra, Here, en, om ons vanaand nog 'n wonderlike aand te gee. Mag die Heilige Gees net onder die mense beweeg en vir ons die uitermatige en oorvloedige gee bo alles wat ons kan doen of dink. En ons bid, Vader, dat U sal voortgaan om met hierdie diens te wees soos dit voortgaan deur die ander aande wat kom.

4 Seën elke prediker, U diensknegte, wat hier was. Mag iets gedoen word deur die Heilige Gees, wat hulle sal inspireer om net die wapenrusting 'n bietjie stywer vas te gord, en die Swaard in die hand neem, en vorentoe beweeg.

5 Genees al die siekes en beproefdes wat in ons midde is, red dié wat verlore is, verkry glorie vir Uself. Want ons vra dit, in die Naam van Jesus. Amen.

6 Mag maar sit. Ek wil vir julle so baie dankie sê vir julle goedheid en julle aandag hierdie afgelope vyf aande, hoe ek dit waardeer het met my hele hart. Ek wens net ek kon aanbly vir die res van die dienste, maar ek gaan nou na Greeneville, Suid-Carolina toe, na die Interdenominasionele Predikersvereniging, hulle konvensie. En dan verder aan na die Baptiste mense toe in—in Noord-Carolina, en daarvanaf na die Volle Evangelie Sakemanne se konvensie in Filadelfia. So, baie moeg, en moeg na julle toe gekom. Lyk asof dit omtrent die enigste manier is wat ek kan gaan, is moeg.

7 Iemand het vir my gesê: "Billy, gaan jy nooit rus nie?"

8 Ek het gesê: "Net wanneer ek die Jordaan oorkant oorsteek, sal ek aan die ander Kant rus." Word nou oud, julle weet, so ek kan net nie te vinnig gaan nie, maar ek hou daarvan om so vinnig te gaan as wat ek kan.

9 En nou, ons waardeer almal. Ons wil vir Broer Gordon Lindsay bedank, Broer David du Plessis, en Broer Cerullo, en

baie van die ander broers, en almal wat verwag word in hierdie diens; ek ken nie al die manne nie.

10 Ek het vanmôre die voorreg gehad om ontbyt te eet saam met 'n groep van hulle. Terwyl ek by ontbyt gesit het, het die groot Heilige Gees afgekom met visioene en net inbeweeg van plek-tot-plek.

11 Ek was so bly Hy het dit gedoen, want baie mense, sal partymaal dink dat dit net in die diens gebeur. O, nee, dis die klein, geringer kant, dis die . . . Geen wonder mense het twyfel, ensovoorts nie, jy sien net die ongepoetste kant daarvan, sien, die groot deel is wanneer ek alleen is met God. Dis waar . . . Sien, *dié* is wanneer julle God se gawe gebruik; *daardie* is wanneer God Sy Eie gawe gebruik.

12 Nou, toe God vir Jesus, Sy Gawe aan die wêreld, wou gebruik, het Hy vir Jesus geneem en vir Hom alles gewys wat Lasarus sou doen, hoeveel dae om weg te bly, en om dan terug te kom en hom uit die dood op te wek. Onthou, Jesus het dieselfde getuig by die graf, gesê na *soveel* dae toe hulle Hom laat roep het, "Lasarus is dood, en Ek is bly Ek was nie daar nie," want hulle sou Hom gevra het om vir hom te bid. Hy het geweet hy gaan sterf.

13 En toe, het Hy nooit iets gesê oor swak wees nadat Hy daardie man uit die dood geroep het nie, maar een vroutjie het Sy kleed aangeraak, en Hy het gesê: "Daar het krag van My uitgegaan." Sien? Dit was die vrou wat God se gawe gebruik het, en dit was God wat Sy Eie gawe gebruik het, en die vrou wat God se gawe gebruik het. Sien? Dis God. En dan, kan jy dit gebruik met jou geloof, of God kan dit gebruik, en Hy wys jou net die geheel-prentjie. Maar op *hierdie* manier, is dit jy wat dit doen, dis jou eie geloof wat dit doen.

14 Nou, my bediening verander, dis waarom ek moeg is en so vinnig gaan as wat ek kan. Onthou net, ek sê dit voor julle vanaand: Daar kom iets wat groot en wonderlik is, onthou julle net. Ek sal eendag weer terug wees in Dallas, as die Here wil. En ek wil terugkom vir 'n gewone genesingsveldtog, terugkom in die, hierdie area hier, en weer met al julle mense ontmoet, 'n groot gesamentlike herlewing hê van almal wat inkom.

15 Julle weet, ek dink Jakob het 'n put gegrawe en die Filistyne het hom daarvanaf weggejaag, en hy het dit Kwaadwilligheid genoem. En hy het nog 'n put gegrawe, en die Filistyne het hom daarvanaf weggejaag, en hy het dit Stryd genoem. Hy het nog 'n put gegrawe, en hy—hy het dit genoem, gesê: "Daar's plek vir ons almal." So dis die soort waaruit ek graag wil drink, julle weet, waar die een-boggel kameel, of die twee-boggel kamele, of die drie-boggel kamele, of almal van hulle, kan drink, julle weet, ons—ons kan almal kom. Dis vir die Metodiste, Baptiste, Pinksters, en Kerk van God, altesame. Sien? Ons drink almal uit hierdie Fontein, en so dis waarvan ek hou.

16 En nou, ek dink die broers het gesê dat hulle vir my 'n offerande opgeneem het of iets, ek het nie daarvoor gekom nie, God weet dit, maar dankie daarvoor, in elk geval. God seën julle. Ek verseker julle dat nie een pennie spandeer sal word vir enigiets anders, sover ek weet, behalwe die Koninkryk van God nie, dis reg.

17 Ek het nog nooit in my lewe 'n offerande opgeneem nie. My vrou kry my altyd wanneer ek dit sê, ek onthou een aand, as pastoor van die Baptiste Tabernakel by Jeffersonville, en ek was wildbewaarder in Indiana, so ek het altyd gewerk vir my lewe. En ek het gesê . . . Ons het een van daardie moeilike plekke getref, julle weet, waar jy nie skulde kan dek nie. Ek wonder of enigiemand hier, ooit daardie punt bereik het? Ons is almal omtrent in dieselfde bootjie, nie waar nie?

18 So, ek het gesê: "Skat, ek gaan 'n offerande opneem." Ons het nie eens 'n kollektebordjie in ons kerk gehad nie.

19 En so het sy gesê: "Ek gaan soontoe om jou dit te sien doen."

20 En ons het net oorkant die straat gewoon, in 'n klein tweekamerhuisie. Daardie een kamertjie is waar *Die Stem van Genesing* gestig is. En so, het ek oor die straat gegaan en ek het gesê: "Mense . . . " Nou, nie omdat hulle dit nie sou doen nie, hulle sou enigiets vir my doen, maar ek wou net nie hê hulle moes dit doen nie, en ek was in staat om te werk, so gaan voort en doen dit. En ek het gesê: "Mense, ek het soort van in 'n klein strik geval." Ek het gesê: "Ek skuld 'n klein rekeninkie, en ek kan dit nie bybring nie, ek gaan net my hoed omstuur vanaand vir 'n kollekte. Jy 'n tien-sent of vyf-sent het, sit in, help my 'n bietjie." Wel, ek het gesê: "Gaan haal my hoed." En ou Broer Wiseheart, hy's in die Hiernamaals vanaand, het gegaan om my hoed te kry.

21 Ou vroutjie, het voor my gaan sit, Mev. Weber. En ek het haar daar sien afgaan in een van daardie outydse voorskote . . . Hoeveel onthou ooit vroue wat daardie ou voorskote rondom gedra het, die sak aan die binnekant gehad het, julle weet? Sekerlik. Hoeveel—hoeveel Kentuckiërs is hierbinne, in elk geval?

22 So, daaronder gekom en een van hierdie ou beursietjies begin uithaal wat bo oopknip, julle weet, begin afreik, daardie kry . . . O, goeiste, ek kon dit nie verduur nie, ek kon dit nie kon neem as ek moes nie. Ek het gesê: "O, ek het julle net almal geterg om te sien wat julle gaan doen." En ek . . . Broer Wiseheart met 'n hoed in sy hand, ek het gesê: "O, Broer Jim, hang my hoed op," Ek het gesê: "Ek het julle net geterg." My vrou het na my gekyk.

23 Daar was altyd 'n ou man, hy's in die Heerlikheid vanaand, met die naam van John Ryan, nie die blinde John, wat genees is by Fort Wayne nie, hierdie man was van Benton Harbor, het lang hare en baard gehad. En hy het altyd 'n ou fiets gery. En hy het afgekom na my huis toe, en dit was teruggevalle, ek . . . nou, ek

sou nie sê dit het teruggeval nie, dit het net verweer. So hy het dit vir my gegee, en ek het dit buite in die skuur laat staan. En ek het afgegaan en by die tien-sent winkel gekom, en vir my 'n blik verf gekry, dit alles geverf, het 'n bord daarop gesit en dit verkoop vir vyf dollar, en hoef toe glad nie die offerande op te geneem het nie. So, dis die naaste wat ek ooit gekom het daaraan om 'n offerande op te neem.

24 Maar, ek's . . . Ek—ek . . . Wat aan my gegee is, wat God weet, wat ek na die beste van my wete . . . Ek het 'n familie van kinders. My onkoste is omtrent 'n honderd dollar per dag by die tabernakel, en wel, dis nie die tabernakel nie, maar my kantoor, ek stuur duisende sakdoeke uit per week, regoor die wêreld, oral. Ek het mense wat daar werk, en dit bly aan die gang hierbuite.

25 En nou, ek waardeer dit, God seën julle. En ek weet dit was 'n deel van julle lewensonkoste, miskien van iets wat jy vir jou kinders sou gee, ek net, ek haat om dit te neem. Maar ek . . . manier wat ek . . . Die arbeider, die os mag nie gemuilband word nie, julle weet, dis die enigste manier wat ek het om dit te neem, of ek sou dit nie doen nie. So ek dank julle, vriendelik, baie. God sy met julle.

26 Nou, julle ooit hierrond is, as ek van enige hulp vir julle kan wees, wel, bel my, ek sal bly wees om julle te help. Die nag sal nooit te donker word, of die reën te hard val, wat ek nie sal bid, of enigiets doen wat ek kan om julle te help nie.

27 So ons gaan vanaand 'n gedeelte van Sy—Sy Woord lees, vir 'n rukkie praat, en dan, net 'n kort tydjie, en die gebedsdiens vir die siekes hou. Die kêrels het vir my daarbuite gesê, dat hulle ook vanaand vertrek, die bandopname kêrels. En die . . . Ons het die plate daaragter as julle van hulle wil kry.

28 Oorkant in die Boek van Matthéüs, die 12de hoofstuk en die 42ste vers, lees ek hierdie:

> En *die koningin van die suide sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag, en dit veroordeel: want sy het van die* uiteindes *van die aarde af gekom om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, meer as Salomo is hier.*

29 Ek wil daardie onderwerp neem. En nou, ons het pas 'n gedeelte van die ewige Woord van die Ewige God gelees. En hoe ons daarvan hou om Dit te lees, omdat ons ons siel kan anker op enige fase van God se Woord, en dis waarheid. Nou, as die hele Bybel nie die waarheid is nie, dan is niks Daarvan die waarheid nie.

30 En dis vreemd dat mense, wat praat oor Goddelike genesing, dat hulle dit nie sal aanvaar nie. En hulle sal aanvaar . . . Hoe kan jy verlossing vir die siel preek sonder om Goddelike genesing in te sluit? Want siekte is 'n eienskap van sonde. Voor ons enige

siekte gehad het, het ons geen sonde gehad nie, siekte het gekom as ’n gevolg van sonde.

31 Nou, as ’n groot dier sy poot in my sy gehad het, noem dit siekte, en my sy gekrap het en my uitmekaar uit geskeur het, is dit nie nodig om net die dier se poot af te kap nie, slaan hom net in die kop, dit maak poot en alles dood.

32 So dan, wanneer jy sonde doodmaak, maak jy elke eienskap daarvan dood. Sien? So, jy . . . Siekte is die resultaat, of ’n eienskap van sonde; miskien nie jou sonde nie, maar iets wat jy geërf het. En so wanneer jy verlossing vir die siel preek, moet dit vir die liggaam ook wees. Nou, dis die onderpand van ons opstanding. As daar geen Goddelike genesing is nie, is daar geen opstanding nie, want dis net soos die onderpand, dieselfde as die vreugde van die Here en die Heilige Gees, is die onderpand van ons verlossing.

33 Nou, ’n tyd gelede, in die Skrifte gelees . . . Mense wil sê dat *hierdie* deel reg is, en *daardie* deel was nie geïnspireer nie, en *hierdie* is alles reg, en *daardie* was vir ’n ander dag. Waar kon ’n man sy geloof baseer? Dis óf elke deeltjie die waarheid, óf niks Daarvan is die waarheid nie. Sien? En nou, julle kan my op rekord neem aangesien dit op band is, ek maak hierdie stelling vanaand, en onthou dit: dat as jy die regte denkwyse sal hê teenoor enige Goddelike belofte wat God gemaak het, sal dit gebeur. As jy die regte denkwyse teenoor enige van God se Goddelike beloftes kan hê, sal Hy dit laat gebeur.

34 ’n Tyd gelede, was daar ’n—’n vroutjie wat ’n seun gehad het, en hy het ’n roeping van God gehad, en sy het gedink: “Wel,” sy was self nie baie godsdienstig nie, maar sy is grootgemaak in die kerk, so sy het gesê: “straks, miskien sal ek net hierdie seun wegstuur na ’n kweekskool, ’n goeie, bekende skool vir sy geleerdheid as hy ’n prediker gaan wees.”

35 So dis ’n baie goeie ding om te doen. Wanneer julle my hoor praat oor: “God het ons gestuur om te bou . . . nie om kerke te bou nie, maar om die Evangelie te preek,” nou, ek bedoel wanneer jy al die klem op kerk en denominasie plaas, ons moet daardie dinge hê, jy moet ’n gebou hê om in te gaan, ensovoorts, wanneer jy ook al dink dat dit net al is, is dit verkeerd. God wat in die gebou is, is wat tel, nie wat die gebou is nie. Sien? Dis die Bouer van die huis.

36 Nou, toe het hierdie vroutjie, nadat sy haar seun weggestuur het, en hy gekry het, sy geleerdheid gekry het, het die dame baie siek geword van longontsteking eenkeer, en sy het ’n telegram na haar seun toe gestuur om gereed te staan, dat sy hom enige tyd mag huis toe roep vir haar heengaan.

37 En hy is geroep, en hy het sy klere ingepak gehad. En ’n telegram het die volgende dag teruggekom dat—dat sy moeder

reg was. So, toe hy by die huis kom, het hy gesê: “Moeder, daar’s net een ding wat ek jou wil vra.”

En gesê: “Wat is dit, seun?”

38 Gesê: “Toe jy vir my die telegram gestuur het dat jy op die—die randjie van die dood was, en dan kry ek die volgende dag ’n telegram dat—dat jy reg is, Moeder, wat het die dokter jou gegee om jou so gou te laat gesond word?”

“O,” het sy gesê: “Seun, hy het my nooit enigiets gegee nie.”

“Wel,” gesê: “hoe het jy so vinnig herstel?”

Sy het gesê: “Seun, ken jy daardie sendingstasietjie daaronder om die hoek?”

“Ja.”

39 Gesê: “Hulle het ’n biduur daaronder gehad een aand, en daardie mense het my nie geken nie, maar hulle het gesê dat hulle gelei gevoel het om hiernatoe te kom. En daar het twee vroue gekom, en gesê: “Suster, ons hoor jy’s siek.”

“Ja.”

Gesê: “Ons is gelei gevoel deur die Here om te kom en jou te vra of jy ons pastoor hiernatoe sal laat kom en vir jou bid.”

40 “Wel,” het sy gesê: “sekerlik, ek sal dit graag doen.” En gesê: “Die pastoor het gekom, en bietjie uit die Bybel gelees, en—en my met olie gesalf, my gebid . . . oor my.” En gesê: “Die volgende oggend het die Here my genees, en ek was gesond.”

“O,” het hy gesê: “Moeder,” het hy gesê: “sekerlik, glo jy dit nie!”

Sy het gesê: “Wel, Seun, dit het beslis gebeur.”

“Wel,” gesê: “Kyk,” gesê: “waaruit het hy gelees?”

41 “Wel,” gesê: “Hy het gelees uit Markus 16. En hy het gesê . . . Hy het gelees soos hierdie: ‘Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg.’ En hy het dit uit ’n Bybel gelees, Skat.”

“O,” het hy gesê: “Moeder,” gesê: “jy kan nie . . .” Gesê: “Daardie mense is holy-rollers,” gesê: “jy kan jou nie steur aan wat hulle sê nie.”

“Wel,” het sy gesê: “holy-roller, of nie holy-roller nie, hulle het die gebed beantwoord, God het.”

“Wel,” het hy gesê: “Moeder,” hy het gesê: “daar’s glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie,” gesê: “ons het dit in die skool geleer.” Gesê: “Daar’s glad nie so-iets soos Goddelike genesing nie.”

Sy het gesê: “Skat, hy het dit uit die Bybel gelees.”

“Wel,” het hy gesê: “Moeder, jy sien daardie mense is nie geleerd nie.” Gesê: “Jy sien, by die skool het ons geleer

dat Markus die 16de hoofstuk, van die 9de vers af aan, nie geïnspireer is nie."

Sy het gesê: "Halleluja!"

"Wel," het hy gesê: "Moeder, jy tree soos hulle op, die opperste vermetelheid!" Gesê: "Wel, jy tree soos hulle op!" Gesê: "Wat makeer jou?"

Sy het gesê: "Ek het net gedink."

Gesê: "Wat het jy gedink?"

42 Gesê: "As God my kon genees met die ongeïnspireerde Woord, wat kon Hy doen met dit wat regtig geïnspireer was?"

43 So, so, dis reg. Wat sou daardie geïnspireerde deel doen, as die ongeïnspireerde dit sal doen? O, Dis alles geïnspireer.

44 Die mense vandag, julle sal dit egter hoor, die mediese dokter sal sê: "Wel, jy moenie enige aandag gee aan daardie saagbeen, daardie chirurg nie."

Chirurg sal sê: "Jy het 'n operasie nodig, nie suikerpille nie."

En albei van hulle sou sê: "Die chiropraktisyn, moet niks met hom te doen hê nie."

En die chiropraktisyne sê: "Moet niks met die osteopaat te doen hê nie."

En hulle sal almal sê: "Moet niks met prediker te doen hê nie."

45 Weet julle wat dink ek? Ek dink dis selfsugtige motiewe, want ons weet almal dat medisyne goed doen, chirurgie doen goed, chiroprakties, en osteopaat, en so ook die prediker. Kyk, as hulle die regte motief gehad het, sou ons almal arm-aan-arm gaan om alles te doen wat ons kan in ons magte en ons vermoë, om die reis van ons pelgrimvriende 'n bietjie gelukkiger te maak soos ons deur die lewe gaan, enigiets anders as dit is selfsugtigheid, en geld motief, of iets daaragter. Ja, meneer.

46 Vandag, kan jy praat van 'n wonderwerk, hulle wil dit neem en dit ondersoek en wetenskaplik bewys. Wel, jy kan God nie wetenskaplik bewys nie. Daar's . . . Jy—jou kennis in wetenskap neem jou weg van God af. Jy ken God nie deur kennis nie, jy ken God nie deur wetenskap nie, jy ken God deur geloof, en dis die enigste manier wat jy God kan vind, is deur geloof ken jy God.

47 Daar was twee bome in die tuin van Eden, een van hulle was kennis en die ander een was geloof. En toe die mens die Boom van Geloof verlaat het, Lewe, en 'n hap geneem het van die Boom van Kennis, het hy sy gemeenskap van God geskei. Elke keer wat hy 'n hap vat, vat hy homself verder weg. Jy kan God nooit aan *daardie* boom vind nie, dis *hierdie* boom waaraan jy Hom vind, hier oorkant, die Boom van die Lewe wat deur geloof is. "Deur geloof word julle gered, en dit deur genade."

48 Nou, in hierdie dag, wat as Moses in hierdie eeu sou gelewe het en daardie boom sou sien brand het? Wel, baie van hulle . . . Hy sou gesê het: "Wag 'n bietjie, Ek sal sien totdat daardie Vuur daarvan afgaan, en ek sal oorgaan en 'n paar van die blare afpluk, en dit afneem na die laboratorium toe, en—en dit ondersoek en kyk watter chemikalieë op daardie blare is dat hulle nie brand nie"? As hy dit gedink het, sou Dit nooit met hom gepraat het nie. Wat het hy gedoen? Hy het net gaan sit en Daarmee begin praat, hy het Dit nie bevraagteken nie, hy het net Daarmee begin praat.

49 En wanneer daardie ware Gevoel oor jou begin beweeg, dat jy 'n sondaar is, en jy verkeerd is, begin net Daarmee praat, vind uit wat gebeur. Hulle hoef jou nie te neem en jou liggaam te analiseer om te sien wat gebeur het nie, jou gees sal jou laat weet wat gebeur het wanneer God inkom.

50 God het in alle eeue gawes gehad wat Hy aan die mense gebring het, Hy het Homself altyd bekend gemaak in alle eeue deur Sy gawes. En Jesus is, hier, pas Beëlsebub genoem, en Hy—Hy het vir hulle gesê dat Hy hulle sou vergewe dat hulle dit gedoen het, maar wanneer die Heilige Gees gekom het, en as hulle Daarteen sou spreek, sou dit nooit vergewe word nie. Sien, want . . .

51 Baie mense het gesê: "Wat is die lastering van die Heilige Gees? My ou, suidelike mamma het altyd vir my gesê, dit was vir 'n vrou om 'n aborsiegeval te hê, lewe te neem wat sy nie kon herstel nie. Dit was die beste wat sy geweet het, maar dit is nie dit nie.

52 Die lastering van die Heilige Gees is om die werking van die Gees 'n onrein ding of 'n bose ding te noem. Jesus het gesê: "Omdat hulle gesê het: 'Hy het 'n bose gees,' wat die Heilige Gees in Sy werk 'n bose ding noem, dis onvergeeflik." Daar's niks in die wêreld, enige tyd of enige plek, wat jou ooit daarvoor kan vergewe nie, om een woord te spreek teen die werking van die Heilige Gees.

53 En onthou, ek wil julle wys hoe duidelik dit is, nou, daardie Fariseërs het nie reguit gesê: "Sê, jy's Beëlsebub" nie, maar hulle het dit in hulle gedagte gedink, en Jesus het hulle gedagtes onderskei. Lees reguit terug in Matthéüs 12, en kyk of dit nie reg is nie? Hulle het in hulle gedagtes gedink dat Dit was, Hy was Beëlsebub, en Jesus het hulle gedagtes onderskei, en hulle het gedink Hy was 'n fortuinverteller. En toe het Hy gesê: "Ek gaan julle vergewe."

54 Sien, jou gedagtes in die Hemel is harder as wat jou stem op aarde is, onthou dit. Wat jy dink! "As daar enige lof is, as daar enige deug is, dink aan hierdie dinge," het die Skrif gesê.

55 En dan let ons hier op dat Hy verwys het na 'n vergange eeu, en Hy het hierdie stede bestraf waar Sy magtige werke gedoen is, van daardie onderskeiding en genesing, en Hy het gesê:

"Kapérnáüm, jy is verhoog in die Hemel, maar jy sal afgebring word na die hel, want as die magtige werke in Sodom en Gomorra gedoen was, sou dit tot vandag gestaan het."

56 En toe het Hy verwys na, die vorige Skrif net na hierdie vers, na Jona, hoedat Jona na die stad van Ninevé gegaan het en vir daardie mense gepreek het wat so ongeletterd was, totdat hulle nie geweet het watter regter- en linkerhand was nie, en hulle het bekeer met die prediking van Jona, en Hy het hulle daaroor bestraf.

57 Nou, baie mense kry die verkeerde idee van Jona. Ons probeer sê: "Hy's 'n Jona." Ek wil graag net 'n oomblik vir hom stop. Jona, hy was geen slegte persoon nie, hy was 'n ware man van God. Daar is niks wat in die voorsienigheid met 'n ware, egte dienskneg van God gebeur nie, dit werk alles ten goede mee vir hulle wat God liefhet. En Jona is opdrag gegee om na Ninevé te gaan, maar daardie skip wat na Tarsis toe gegaan het, was nie die vrylating van die minste weerstand nie, dit was God se voorsiende weg. En manne wat eerlik en opreg is in hulle hart (En wees jy opreg, maak nie saak wat gebeur nie.), dis God wat jou beweeg.

58 Nou let op, die walvis het die profeet ingesluk. En ek het altyd jammer gevoel vir Jona. Nou, ons weet hy was afvallig, of ons dink hy was, het sy hande agter hom vasgemaak gehad, en hy was onder in die maag van die walvis op die bodem van die see, en 'n groot storm op die see.

59 Nou, daar's baie mense wat voor gebid word, en hulle sal deur 'n gebedsry gaan met 'n kreupel hand, kreupel voet, 'n siek maag, en hulle sal, volgende oggend, opstaan, sê: "Ek—ek's net siek soos ek was." O, wat jy nodig het, is 'n bietjie goeie, Bybelonderrigting. Sien? Jy kyk nie na die simptome nie, jy kyk na die Woord, die belofte. Dis nooit wat *dit* is nie, as jy daarna kyk, sal jy nooit gesond word nie.

60 Let vir Jona op, as daar enige man is wat 'n goeie geval van simptome behoort te gehad het, was dit Jona: Hy was afvallig, hande agter hom vasgemaak in die maag van 'n walvis, op die bodem van 'n stormagtige see. As hy *hierdie* kant toe gekyk het, was dit walvismaag, *daardie* kant toe was walvismaag, oral waar hy gekyk het, was dit walvismaag. Wel nou, daar's niemand hier in daardie toestand nie. Dis reg. En Jona, wat het hy gesê? Hy het geweier om daarna te kyk, hy het gesê: "Hulle is valse nietighede. En nog een keer sal ek na U heilige tempel kyk, O God."

61 Want hy het geweet toe Salomo daardie tempel toegewy het, het hy hierdie gebed gebid: "Here, as U volk enige plek in die moeilikheid is en kyk na hierdie heilige plek," waar die Vuurkolom agter die altaar was, "as hulle sal kyk na hierdie heilige plek en bid, hoor dan uit die Hemel."

62 En as Jona, onder daardie toestande, kon kyk na 'n tempel wat gebou is deur 'n man wat later teruggeval het, en geloof hê in sy gebed, en die resultate kry wat hy het, onder die toestande, hoeveel te meer kan ons, vanaand, wegkyk van ons toestande na die tempel van God, waar Jesus sit aan die regterhand van Sy Majesteit met Sy Eie Bloed, om voorspraak te maak volgens ons belydenisse? Dan, moenie na jou hand kyk nie, moenie jou siekte voel nie, kyk na Wie die belofte gemaak het, aan die regterhand van die Majesteit Omhoog om voorspraak te maak volgens julle belydenis. Maak dit dan en staan getrou daaraan.

63 Ek wil Jona 'n bietjie verder dra. God moes, deur daardie geloof, 'n suurstoftent onder in die maag van daardie walvis gesit het, Hy het hom lewendig gehou vir drie dae en nagte. Maar kyk wat God gedoen het, maak nie saak wat gebeur nie, God sal dit, in elk geval, vir Hom laat prys.

64 Nou, ons weet dat die mense van Ninevé, daar word vir my vertel dat hulle heidene was, en hulle het in sonde en owerspel gelewe, en toe, het hulle kom uitvind dat die god van die see die walvis was. En al die vissermanne langs die see was daarbuite aan die visvang, en hier het 'n walvis deur die water gedruk, sy mond oopgemaak, en die profeet het uitgestap. Sekerlik, hulle sou daarna luister; God het 'n manier om dinge te doen.

65 En dit was nie voorsienigheid dat hy die verkeerde skip geneem het nie, dit was God se Ewige belofte en God se Ewige manier van dinge doen, om 'n boodskap bring. Hy het rillings op-en-af teen hulle rûe geskud toe hulle die seegod sy mond sien oopmaak het, die profeet uitgestap het met 'n Bybel in sy hand. Sekerlik, sou hulle dit glo. God het altyd tekens en wonders, werk in die bonatuurlike om mense Hom te laat glo. Sekerlik.

66 En hy het uit die maag van die walvis uitgestap en deur die strate begin preek. En Jesus het gesê dat daardie mense bekeer het, daardie onkundige, ongeletterdes, wat nie 'n 'hee' van 'n 'haw' kon onderskei nie, of die linker- van die regterhand, bedoel ek om te sê. Verskoon my dat ek dit gesê het, ek het nie bedoel om dit te sê nie. Goed. Hoeveel boere hierbinne weet wat '*hee*' en '*haw*' is? Wel, dan weet julle wat ek bedoel. Goed. Hy het nie die regter- van die linkerhand geken nie, en hulle het bekeer.

67 En ons is veronderstel om 'n geleerde, slim, intelligente klomp mense te wees, wat lewe in 'n dag wat daar meer as Jona hier is. Wat hiervan? Vir daardie arme, onkundige mense.

68 "Ek wil hê julle moet oplet," het Jesus gesê . . .

Hulle het gesê: "Wys vir ons 'n teken."

Hy het gesê: "Ek sal . . . Daar sal geen teken gegee word aan 'n slegte en owerspelige geslag nie, behalwe die teken van Jona."

69 Nou kyk, wat was die teken van Jona? "Soos die, Jona drie dae en drie nagte in die maag van die walvis was, so moet die

Seun van die mens drie dae en nagte in die hart van die aarde wees." So wat sou die teken wees vir 'n bose en owerspelige geslag? Die teken van die opstanding. Amen. Die teken van die opstanding! Dit is beslis. Daar het ons dit. En ons lewe in 'n bose en owerspelige geslag.

70 Soos my goeie vriend, Jack Moore eenkeer gesê het: "As God hierdie Amerika laat wegkom sonder om dit te straf, sal Hy verplig wees, as 'n regverdige God, om Sodom en Gomorra op te rig en om verskoning te vra dat hulle verbrand is." Dis reg. Sekerlik, ons lewe in 'n vreeslike eeu, 'n tiener leierskap, ruk-en-rol, boegie-woegie, al daardie goddelose aanganery van onreinheid, en vullis, en ontrou lewe, egskeiding is op loop, en verdraaidheid, en homoseksueles, en, o, dis 'n verskriklike, net soos dit was in Sodom, dieselfde ding wat ons het, dan is die Heilige God verplig. Hy haat sonde, maar Hy het die sondaar lief.

71 En Hy het belowe dat Hy vir hierdie bose, owerspelige geslag die teken van Sy opstanding sou gee. En as Hy opgestaan het uit die dood, sal Hy dieselfde tekens doen wat Hy gedoen het voor Hy gesterf het, as Hy weer opgestaan het.

72 So toe, het Hy gesê: "En, die koningin van die Suide sal ook opstaan in die Oordeelsdag saam met hierdie geslag, en sal dit veroordeel: want sy het van die uiteindes van die bekende wêreld af gekom in daardie dag, om die wysheid van Salomo te hoor; en, kyk, Ek sê vir julle dat meer as Salomo hier is." Toe het Hy hulle probeer vertel . . .

73 Nou, in die dae van Salomo . . . Enigiemand weet dat wanneer God Sy gawe na die wêreld toe stuur, en die wêreld dit ontvang, ontvang die kerk dit, dan is dit 'n goue jubileum vir daardie mense in daardie eeu, maar as hulle dit wegwys, is dit chaos vir daardie eeu.

74 Kyk, die Jode het vir Salomo ontvang, en dit was 'n goue eeu, enigiemand weet dit, dit was amper 'n millennium vir Israel; en hulle het Christus weggewys, en die tempel is verbrand, en hulle is verstrooi na die vier winde van die wêreld.

75 Wanneer God 'n gawe stuur, en Sy Kerk dit ondersteun, dan word daardie Kerk en mense geseën; as hulle dit wegwys, word hulle saam met dit weggewys.

76 Nou let op, in die dae van Salomo het God hom opgerig en hom 'n groot gawe van onderskeiding gegee. O, wat 'n magtige onderskeiding het hy gehad! En die hele Israel het daardie onderskeiding ondersteun, en hulle het dit almal eendragtig geglo.

77 O, ek wil graag vra, vir my goeie vriende hier vanaand, Broer Tommy Hicks en baie van hierdie manne hier wat internasionale bedienings het: Wat sou gebeur as al die mense wat die Naam van die Here aangeroep het, as elkeen van hulle die groot gawe van

God vandag, die Heilige Gees, sou ondersteun, wat sou gebeur? Wat sou gebeur as elke wedergebore Christen in Texas, die gawe van God sou ondersteun? Texas sou die gewildste plek in die hele wêreld wees. Wat 'n Millennium sou dit wees as ons almal die gawes van God sou ondersteun! Maar hulle doen dit nie.

78 En nou, hulle almal hét in Salomo se dae, en sy groot roem was regdeur die hele wêreld bekend. Daar was geen oorloë nie, hulle was bang vir hulle.

79 As Amerika Jesus Christus sou ondersteun het, sou julle nooit bekommerd hoef te gewees het oor Rusland wat inkom, of niks anders wat inkom nie, hulle sou nie al ons geld en tyd hoef te spandeer om waterstofbomme te maak nie, en probeer oorvlieg na die maan met nog 'n toring van Babel nie. God het die program net hier vir ons en het Sy krag, maar ons weier dit, ons probeer self een maak. Sien? Dit sal nooit werk nie.

80 Nou let op, maar almal het hierdie groot gawe ondersteun, en die roem daarvan het versprei na die hele bekende wêreld. En ver onder in Skeba, het die koningin, koninginnetjie, het sy daarvan gehoor. Wel, elke verbyganger sou deurkom, en sê: "O, jy moet bo in Israel te wees, hulle het 'n groot God daarbo Wat nog lewe. Wel, hulle het 'n man daarbo wat gesalf is met Sy Gees, met wysheid wat net van God af kon kom."

81 Nou, julle sien, sy was 'n heiden. Toe het sy begin dink . . . Julle weet: "Geloof kom deur die gehoor." Maar die probleem met ons, wanneer God 'n gawe stuur, sê hulle: "Dit behoort nie aan my denominasie nie, moet niks daarmee te doen hê nie. Nee." Sien, dis waarom ons in chaos ingaan. Sien? En almal het dit eendragtig geglo. Hulle het die groot tempel gebou, en alles, in Salomo se dag.

82 En hierdie vroutjie, elke persoon wat deur Israel gekom het, sou daar aankom, en sê: "O, dis wonderlik! Jy moet sien. Wel, daar was nog nooit 'n mens op aarde wat sulke wysheid kon hê nie, dit moet van die God af kom, o, dit kon nie deur mense kom nie."

83 Wel, julle weet: "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord." En as jy werklik opreg is, sal God 'n weg maak vir jou om te sien of dit die waarheid is of nie.

84 Wel, ek kan die koninginnetjie sien, sy het toe begin dink: "Nou wag, ek's 'n heiden, wel nou, as ek soontoe gaan, sal ek moet gaan na die staatspresbiter, of die biskop, of—of die algemene opsiener, of iemand, en kyk of hulle my sal toelaat om te gaan. In elk geval, julle weet, ons het niks hier behalwe net 'n ou, dooie stel geloofsbelydenisse nie, hulle vertel vir ons van 'n—'n God wat eens gelewe het. Maar hulle sê vir my daar's 'n ware God iewers wat antwoord, ek wil gaan uitvind."

85 "Geseënd is hulle wat honger en dors na geregtigheid; hulle sal gevul word."

86 Wel, natuurlik het sy gegaan om die—die groot biskoppe van haar kerk te sien, en sy wat die koningin was, en ek kan hulle hoor sê: "Nou net 'n oomblik, ons het vir Dagon, ons het hierdie ander gode hier, hulle is net . . . "

Maar sy sê: "Jy sien, jy het my alles van Dagon vertel en van wat hy was, maar ek het hom nog nooit 'n beweging sien maak nie."

87 Ek bedoel nie om te erg seer te maak nie, maar ek wil hê dit moet vestig op die plek waar dit julle sal laat dink: Wat help 'n God van Moses as Hy nie dieselfde God vandag is nie? Wat help 'n historiese God as Hy nie dieselfde krag vandag is nie?

88 Wat sou dit help om 'n man te neem wat doodvries, en jy het hom op straat ontmoet, en hy het gevries, en jy het hom opgeneem na 'n groot, geverfde toe vuur en sê: "O, meneer, tweeduisend jaar gelede was dit 'n warm vuur." Wel, hy kan nie warm word by 'n geverfde vuur nie, en hy kan ook nie warm word by, of gered word deur 'n historiese Heilige Gees nie, Hy moet dieselfde Heilige Gees wees met dieselfde krag en warmte wat Hy op enige tyd was.

89 Wat help dit om jou kanarievoël vitamiene te voer, en hom dan in 'n hok te hou? Maak goeie bene en goeie vere, en wil hom nie laat vlieg nie? Wel, dis dieselfde manier, om julle predikers weg te stuur na kweekskole, en hulle slim geleerdes te maak, en vir jou sê: "Die dae van wonderwerke is verby." Wat help dit om 'n historiese God te dien, of enigiets te leer as Hy nie vandag dieselfde wil optree as wat Hy toe het nie? Hy's niks werd nie, dis net geskiedenis. Die Mohammedane is in net so goeie posisie as wat ons is, en enige van die res van hulle.

90 Maar ek dank God, dat ons 'n God het wat lewe, en Hy's net dieselfde, en Hy het dieselfde krag, Hy lewe net dieselfde as wat Hy ooit gelewe het, Hy doen dieselfde dinge wat Hy ooit gedoen het, want Hy bly God. Hy's nie 'n historiese God nie, maar Hy's 'n God in 'n tyd van probleme, 'n baie teenswoordige Hulp, alle tye, alomteenwoordig, altyd gereed.

91 Nou so, ek skat sy en die biskop het dit bespreek. En ek kan die biskop hoor sê: "Nou kyk hier, jy mag koningin wees, maar as jy gaan, sal ons jou ekskommunikeer, net sodra jy gaan."

92 Maar julle weet, as God met 'n hart deel, kan jy net sowel ekskommunikeer om mee te begin, want hulle sal in elk geval gaan. "Want soos die hert dors na die waterstroom, so dors my siel na U, O God."

93 Boer . . . Ek bedoel dit nie as 'n grap nie, geen plek vir 'n grap nie, maar ek wil 'n punt maak. 'n Boer het eenkeer 'n hen laat broei, hulle het nie genoeg eiers gehad om haar te laat sit nie. Hoeveel weet wat 'n broeisel eiers is? Vyftien. Goed. So hy—hy het net veertien gehad, hy het gegaan en 'n—'n gans-eier gekry, of, 'n eend-eier, dit onder die ou hen gesit. Toe sy al hierdie kêrels

uitgebroei het, het hulle almal goed gelyk, maar hierdie eend, hy was ’n snaakse kêrel.

94 En sy sou uitgaan op die plaaswerf, julle weet, en sprinkane vang, en aangaan: “*Kloek*, *kloek*, *kloek*.” Maar daardie eend kon glad nie daardie taal verstaan nie. Hy was ’n snaakse kêrel, ’n groot lang snawel, en ek weet nie, daar was net iets verkeerd met hom. En hy het nie soos die hoenders gelyk nie, en hulle het almal op hom gepik, gesê: “Wel, jy’s nie ons broer nie, jy’s ’n holy-roller, of jy’s,” iets, julle weet: “gaan weg. Jy’s nie . . . Jy het niks met ons te doen nie. Ons wil niks hê . . . ”

95 En, julle weet, en die ou hen, sy het eendag agter die skuur uitgekom, en sy het sprinkane gevang, en krap in die mishoop, ensovoorts, en voed haar kuikens, natuurlik, so hulle het daarop gevoed.

96 So toe, het die eendjie daaragter gekom en daar was ’n paar, ’n stroom wat afgekom het agter die plek. Broer, hy was moeg van daardie stof, in elk geval, die ou droë plek, en hy het ’n reuk van die water gekry, hy het daardie trompettertjie in die lug opgesteek en daar het hy getrek.

97 Die ou hen het gesê: “*Kloek*, *kloek*, *kloek!*”

98 En hy het gesê: “*Kwaak*, *kwaak*, *kwaak!*” Hy was op pad na die water, net so vinnig, jy kon hom nie vashou nie. Hoekom? Sy natuur was ’n eend, toe hy water geruik het, het sy natuur uitgeroep.

99 En as jy gebore is in hierdie wêreld, voorbestem om ’n seun van God te wees, is daar nie genoeg godsdienste in die wêreld om jou weg te hou van die ware, egte Heilige Gees nie, wanneer Dit begin val, sal jy net so vinnig gaan. Die kerk mag jou ekskommunikeer, jou uitjaag, jou brandmerk, enigiets anders, jy sal gaan na die “Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar sondaars gedompel onder die vloed, al hulle skuldvlekke verloor.” Dis reg.

100 So, soos hierdie ou priester en hulle begin sê het: “Nou kyk hier, edele Koningin, jy’s ’n eerbare vrou, die beste lidmaat van ons kerk, die beste betaler wat ons hier het, ons wil jou net nie verloor nie, so bly julle weg van daardie fanatici daarbo. Daar . . . As daar enige God is om ’n beweging te maak, sou Hy in ons organisasie beweeg, hier, sien, Hy sou net hier in ons s’n wees. Moenie bekommerd wees nie, ons het net so ’n groot god as wat hulle het.”

Maar, julle weet, iets het in haar hart begin roer. “Maar hulle sê vir my, dat daardie God Sy mense so liefhet, dat Hy Homself gemanifesteer het deur Sy mense.”

101 Dis steeds dieselfde God wat ons het. “Ek is die Wynstok, julle is die lote.” Sien?

102 Let op, en toe het sy gesê: “Wel . . . ” Sy kon net nie rus nie.

103 En 'n ander kêrel het verbygekom: "O, Koningin, bly om jou te sien. Sê, ek het pas deur Israel gegaan, u moet daardie Gees van onderskeiding sien, dis ver bokant enige man wat ooit op die aarde gewandel het, dit kom van hulle God af." Wel, haar hart het gehonger en wou gaan.

104 Nou, die koninginnetjie het baie gehad om—om te konfronteer, om te gaan, sy het baie dinge gehad, eerste ding, sy was 'n vrou. En toe het sy al hierdie dinge gehad om te konfronteer: Die eerste plek was, sy moes haar kerk opgee as sy gegaan het. Wel, God het geroep, so sy het begin gereedmaak. En onthou nou, sy het gesê: "Weet jy wat? Ek het hierdie ou, dooie geloofsbelydenisse so lank gedien, as dit regtig 'n God is wat lewendig is en Homself as lewendig bewys, gaan ek dit ondersteun." So sy het 'n paar kamele vol goud en silwer opgepak.

105 Ek trek nou nie vir offerandes nie, maar sien, as dit enigiets werd is, is dit alles werd. En sy het gesê: "As dit die waarheid is, gaan ek dit ondersteun; as dit nie die waarheid is nie, dan gaan ek my geld saam met my terugbring." Dis 'n goeie idee. Dis reg. As Hy God is, wees vir Hom; as Hy nie is nie, bly dan weg daarvan. Ek wil weet waar die regte God is, ek wil weet waar die Een is wat antwoord, die Een wat Sy Woord hou. Ek wil handel en my medewerkers hê saam met mense wat hulle woord vir my sal hou, ek wil hê my bure moet dieselfde wees. En ek wil God hê, Hy sal Sy Woord hou.

106 Toe, het sy gesê. . . Sy het 'n paar kamele opgepak en dit gereedgemaak, en het goud, en wierook, en mirre, en groot, duur dinge, sy het gesê: "Ek sal my skatte soontoe neem, en as dit die waarheid is, as dit regtig 'n—'n gawe van God is wat werk, dan gaan ek dit ondersteun; as dit nie is nie, kan ek my geld terugbring. Maar ek gaan self uitvind."

107 Nou, dis 'n goeie idee: Gaan vind uit vir jouself; moenie neem wat iemand anders sê nie, gaan kyk vir jouself. Soos—soos Filippus vir Natánael vertel het, gesê: "Kan daar enigiets goeds uit Násaret kom?"

108 Hy het gesê: "Kom kyk." Dis die beste manier. Kom vind uit. As julle nie glo die Heilige Gees is werklik nie, julle sterflike liggame lewend maak nie, wat jou vreugde en geluk gee, en sonde doodmaak in jou lewe, kom vind eenkeer uit, neem Hom op Sy Woord. Jy glo nie Hy's 'n Geneser nie, stap uit en neem Sy Woord eenkeer. Enige belofte wat Hy gemaak het, Hy staan reg agter dit.

109 Nou let op, dan nog iets wat sy moes doen: As 'n vrou, moes sy nou, die woestyn konfronteer. Nou, weet julle hoe ver dit is van—van Palestina af onder oor die Sahara Woestyn tot Skeba? Wel, dit neem net presies drie maande op die rug van 'n kameel. Nou, sy het nie gehad soos ons sou hê, 'n lugversorgde Cadillac

om daardie woestyn mee oor te steek nie, sy moes agterop 'n kameel kom om 'n man te sien wat 'n gawe gehad het; en het haar nie net twee ure van haar tyd geneem nie, maar sou haar drie maande neem. En party van die mense vandag, sal nie oor die straat loop om iets groter te sien as wat toe was nie. Geen wonder Jesus het gesê: "Sy sal staan in die Oordeelsdag en hierdie geslag veroordeel," kyk wat sy moes doen!

110 Nou, sy het drie maande op die rug van 'n kameel in die woestyn gehad. Nou onthou, die woestyn was vol van Ismael se kinders, wat rowers was. En al daardie goud op hierdie klompie kamele, met 'n paar weduwees saam met haar, of, vroue, en 'n paar hofdienaars om haar te bewaak, net 'n klein groepie manne. Wat sou daardie groot stam van Ismael doen? Reguit inhardloop en hulle neerfel en vat. . . Sy het dit alles gehad om te konfronteer. Maar julle weet as jy werklik die waarheid wil uitvind, sal God jou na die Fontein toe neem, moet jou nooit daaroor bekommer nie. Daar's niks wat in jou pad sal staan nie, daar's geen organisasie, daar's geen pappa, geen mamma, geen buurman, geen broer, geen suster, geen vriend nie, niks, kan jou van God skei as jy regtig honger om God te vind nie.

111 Sy gaan uit op die kamele om deur daardie warm son te gaan. O, wat 'n tyd was dit, van op hierdie kameel, nou, vir drie maande, negentig dae, om uit te vind of dit die waarheid was of nie! En ons, vandag, as predikers, partymaal, sal 'n ding veroordeel en sê dis van die duiwel, voor ons nog selfs die Skrifte daaroor gaan ondersoek.

112 Nou, wat sal, nadat ons tweeduisend jaar van onderrigting gehad het sedertdien, wat sal ons doen wanneer sy in die Oordeelsdag staan? Wat sal daardie vrou sê in die Oordeelsdag wanneer Dallas opkom in die opstanding? Wat sal sy sê in die Oordeelsdag wanneer die hele Verenigde State opstaan in die Oordeelsdag, met hierdie groot, magtige herlewing wat deur die land getrek het, en mense het dit fanatisisme gebrandmerk, "Die duiwel, blinkgevryfde waarsêer, een of ander bose gees, fortuinverteller, gedagteleser"? Wat sal hulle doen in die Oordeelsdag?

113 En sy het uiteindelik gearriveer. God het 'n weg gemaak vir haar om te arriveer; Hy sal 'n weg vir jou maak om te arriveer.

114 Daar's mense. . . Ek het pas twee seuns hierbuite ontmoet, hulle moeder is genees in Arkansas, nie lank gelede nie, en daar was hulle, hierbuite, aan die slaap in motors en bosse, nie omdat hulle genesing wou hê nie, maar hulle hou net daarvan om te kom. Hulle hoor dat God ons besoek, en hulle hou daarvan om Sy werke dop te hou.

115 'n Rampokker het sy arm om my gesit daarbuite, 'n man wat 'n rampokker was, wat doodgemaak en vermoor het, gered is, en vir die laaste maande, het die man geryloop op die paaie, regdeur

Maine, en oral, rondgegaan, in bosse geslaap, in die motor, enige plek waar hy kon, want hy het God lief: "En daar's iets daarin," sê hy: "roer net my siel, Broer Branham, ek moet kom." God seën hom.

116 Wat—wat sal die—wat sal die burgemeester van die stad, en die groot manne van hierdie dorp, en die godsdienstiges van hierdie dorp doen, wanneer hulle staan by daardie man in die Oordeelsdag? Wat sal gebeur met die predikers van hierdie stad, baie van hulle wat dit weier, sê dis fanatisme, wat hulle mense waarsku om nie met dit betrokke te raak nie? Sien, daar het julle dit. Maar God stuur Sy gawes net dieselfde, Hy moet dit doen, Hy's soewerein, Hy moet dit doen, Hy het in alle eeue. Wanneer hulle dit weier, hang dit van hulle af.

117 Nou onthou, sy het deur die woestyn gereis, en uiteindelik het sy by die plek aangekom. Nou, sy het nie gekom net om omtrent vyf minute te bly, en die eerste keer wat die prediker iets gesê het, nie met haar doktrine saamgestem het nie, sou sy haar hoed gryp en uit die gebou hardloop nie.

118 Dis hoe ons dit vandag doen. Wel, kom op soos 'n groot paddavis, en sit in die diens: "Ek sal uitvind. Ek sal net kyk wat hy sê. As hy een woord sê waarvan ek nie hou nie, onthou, Molly, staan ek op en gaan hier uit."

En die prediker staan op en sê: "Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid."

"Dis genoeg vir my," uit gaan hy. En verwag dan om te staan en sing, *Nader, My God, By U*. Daar het julle dit.

119 Sy het gekom en haar tent reg by die deur opgeslaan. Ek hou daarvan. Sy het gekom om te bly totdat sy tevrede was dat sy die waarheid uitgevind het, sy het gekom om te bly tot die herlewing verby was. Sy het nie net rondgehardloop nie, sy het ernstig geraak. Ons kan nie vyf minute sit nie, maar sy het gekom om te bly vir maande, sy het gekom om te bly totdat sy oortuig was of dit van God was of nie van God was nie.

120 Dan kan ek haar die volgende oggend sien soos sy in die hoofouditorium instap. Salomo, die pastoor, kom uit, neem die sitplek in. En die eerste ding, het hulle gevalle begin opbring wat geen mens in die wêreld . . . En sy het daardie gees van onderskeiding begin dophou wat in Salomo begin beweeg het, sy het dopgehou, haar hart het begin spring. Sien? God was aan die binnekant. Sy het begin kyk: "Dis net presies dit."

121 En voor jy jou kom kry, het die volgende geval gekom. Daar was Salomo wat gestaan het, net 'n man, maar 'n—'n onderskeiding wat net van God kon kom. Sy het daardie onderskeiding dopgehou, Sy het gesê: "Dit moes 'n God wees, dit sou nie 'n man kon wees wat dit doen nie."

122 En naderhand, toe sy ten volle oortuig was, het sy in die gemeente gestaan, en sy het gesê: "Gaan haal daardie kamele en pak al die goud en silwer uit wat ek gebring het. En ek wil dit sê: dat alles wat ek gehoor het die waarheid was; en meer as wat ek gehoor het, die waarheid is," want Salomo het haar ook onderskei.

123 En Jesus het gesê: "Sy sal in die opstanding staan, in die laaste dae, en hierdie geslag veroordeel, want sy het van die uiteindes van die wêreld af gekom om 'n gawe van God te hoor, en dit te sien werk," in haar eeu: en Hy het gesê: "kyk, meer as Salomo is hier."

124 En ons het tweeduisend jaar gehad van toe af, en hier, hierdie Jesus wat gepraat het, gesterf, begrawe, weer opgestaan, en tweeduisend jaar hier in die Kerk as die Wynstok, wat deur Sy lote beweeg, presies dieselfde ding doen wat Hy destyds daar gedoen het, en mense wil nie oor die straat kom om dit te hoor nie. Wat sal plaasvind in die opstanding? Broer, dit mag kom voor die oggend, ons weet nie wanneer nie.

125 Onthou, daardie teken van onderskeiding is die laaste boodskap aan die Heidense kerk. Kyk, sodat julle sal weet, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom en Gomorra, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens. Soos dit was in die dae van Noag . . . " Nou kyk, Noag, was 'n vloed, en toe het hy in die ark ingegaan, maar Sodom is verbrand.

126 Nou kyk, die Engel Wat na die Kerk toe gekom het, Lot was afvallig, daar was twee ander Engele wat na hulle toe gegaan het, maar die hoof Kerk was Abraham en sy huis, en die Engel het opgekom as 'n Man. En Hy het gaan sit by Abraham, met Sy rug na die tent gedraai. Die Bybel het gesê Hy het sy rug na die tent gehad. En Sara was in die tent. En Hy het gesê: "Abraham, siende dat jy die, erfgenaam van die wêreld gaan wees, sal Ek van jou weerhou wat Ek gaan doen?" Hy het gesê: "Net omtrent hierdie tyd, volgende maand, volgens die lewe," die agt-en-twintig dae: hy het gesê: "gaan Ek jou besoek en die belofte vervul waarvoor jy nou, vir vyf-en-twintig jaar gewag het."

En toe Hy dit gesê het, het Sara, na Sy rug, binne-in die tent gelag by-. . . haarself. En die Engel wat Abraham in die gesig gekyk het, het gesê: "Waarom het Sara gelag?" Wat was daardie boodskap?

Sara het gesê: "Nee, nee, ek het nie gelag nie."

127 Hy het gesê: "O, ja, jy het." Watter soort telepatie was dit?

128 Maar onthou, dit was die Engel, en daardie Engel was God, Abraham het Hom Elohim genoem, wat Almagtige God is. Almagtige God het Homself gemanifesteer in vlees, Sy Seun, Jesus Christus, en Almagtige God, dieselfde Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het, gemanifesteer in vlees in Jesus Christus: "Ek het van God af gekom en gaan na God toe," na

Sy dood, begrafnis, en opstanding, teruggekeer het, en was in 'n Vuurkolom wat Paulus verblind het op die pad na Damaskus, het ingekom in die . . . Petrus en hom uit die tronk uit gekry, en daardie selfde Engel is hier vanaand, met Sy foto wat baiekeer onder ons geneem is, wat dieselfde ding voortbring wat Hy gedoen het by die tent van Abraham.

129 Dit was voor, nie die water nie, die Vuur, en hierdie is die laaste Boodskap voor die Vuur. Sodom sal brand, God sal onskuldig wees, want Hy het Sy Engel gestuur, Sy Gees, die Heilige Gees, en mense het Dit botweg geweier, as gevolg van intellektuele begrippe van die Evangelie, in plaas van 'n wedergebore ondervinding.

130 Hoe kan jy God sien, tensy God in jou is? Hoe kan jy bloed uit 'n raap kry? Daar's geen bloed daarin nie. Net soos jy nie 'n gelowige kan kry nie, tensy God daarin is om hom 'n gelowige te maak, moet dit wees, nie 'n intellektuele nie, maar 'n ondervinding in die hart.

131 Julle weet die ou ongelowige het gesê, baie jare gelede, dat God 'n fout gemaak het, gesê: "Daar was niks in die hart, geen verstandelike vermoëns om mee te glo nie; Hy het bedoel in jou kop." As Hy *kop* bedoel het, sou Hy *kop* gesê het, Hy het *hart* gesê.

132 Nou, twee jaar gelede was ek in Chicago, 'n groot hoofopskrif: "Wetenskap het dit in die menslike hart uitgevind," nie die dier nie, in die menslike hart, "daar's 'n baie klein selletjie, 'n klein kompartementjie, liewer, wat nie eens 'n sel daarin het nie," en hulle het gesê: "dis die bewoner van die siel." Per slot van sake, dan glo 'n man wel uit sy hart. Jy dink met jou verstand, maar jy glo uit jou hart. Sien?

133 Dan ons . . . dit . . . Die verstand sal redeneer. Jy sê: "Nou, wag nou, ek's in *hierdie* toestand." Miskien die dame daarbo met daardie kindjie, dat: "My kind is verby . . . " O, nee, meneer! Miskien die jong kêrel in die rolstoel, die man met die krukke, sien: "Ek—ek—ek—ek's te sleg."

134 Moenie . . . Verwerp daardie redenasies, laat daardie boodskap wat ek vir julle sê in julle hart insink, dan is daar nie genoeg duiwels in die wêreld wat jou na enigiets anders kan laat kyk behalwe Sy belofte nie. U sal maak soos die profeet gesê het: "Ek . . . Hierdie dinge is valse nietighede; ek sal kyk na U heilige tempel, Here. U het die belofte gemaak, en daar staan ek."

135 Abraham het daardie dinge wat nie was nie, genoem asof hulle was, nadat hy God ontmoet het. Dis die eerste ding, jy moet 'n ondervinding hê. Jy, as jy nie 'n ondervinding het nie, sal jy nie geloof hê nie. Elke man, elke Christen, wat die Naam van Jesus noem, het glad geen reg op die preekstoel, totdat hy 'n agterkant-van-die-woestyn ondervinding het nie.

136 Dokters mag in staat wees om te kom en dit aan julle uit te verduidelik, Doktore van Godgeleerdheid, "Hierdie . . . uit, en op *daardie* manier . . . " en die Skrifte verdraai. Maar as 'n man ooit aan daardie agterkant van die woestyn gekom het, soos Moses in sy veertig jaar van opleiding . . . Maar vyf minute in die Teenwoordigheid van daardie brandende bos, het hy meer van God geweet as wat hulle hom in 'n miljoen jaar kon oplei.

137 Jy . . . Hulle mag *dit* alles wegverduidelik, en *dat* weg, maar as jy ooit vir God ontmoet het, het jy 'n ondervinding gehad. Jy weet jy en God alleen het op daardie gronde gestaan, en Satan kan nie sy vuil, lelike voete daarop sit nie. Dis reg. Julle weet! Soos Job gesê het: "Ek weet My Verlosser leef, en in die laaste dae sal Hy staan." Satan kan nie sy voete op daardie gronde sit waar jy en God alleen gestaan het nie, hulle is heilig en geskei van enigiets anders. Jy was daar, jy was die persoon met wie dit gebeur het, en jy weet dis eg.

138 Dis waarom in hierdie dienste, wanneer ek sien dat Sy Skrif voortgebring word, dat Hy hierdie dinge sou doen, en Hom sien opbeweeg, Hom die foto sien neem vir die wetenskaplike wêreld, die ongelowige, so hulle is sonder verskoning, en Hom dan sien uitkom na die kerk en Homself manifesteer, deur arme sterflinge beweeg, 'n man wat homself uithou, en sê: "Here God, hier is ek," 'n vroutjie wat buite in die gehoor sit: "O Here, hier is ek," kyk hoe daardie Heilige Gees terugkom en die vrugte van die Wynstok dra waaruit Dit kom, dieselfde as wat was, o broer!

139 Wat sal dit doen in die Oordeelsdag? Wat sal gebeur met hierdie owerspelige geslag, daardie teken van die lewende God sien, Wat gelewe het na tweeduisend jaar? Die koningin van die suide sal opstaan en dit veroordeel, want sy het by die gawe van Salomo gestaan en gesê: "Waarlik, dis van God. Waarlik!"

140 Maar mense is bang om vandag te staan. Moenie bang wees om jou standpunt in te neem vir God nie, as jy nie vir Hom staan nie, sal jy alleen staan.

141 Danny Greenfield, nie lank gelede nie, het 'n—'n beroemde prediker deur sentrale Amerika gegaan, hier, en hy het gesê hy het een aand gedroom hy het gesterf, en gesê toe hy gesterf het, het hy gedink hy het opgegaan Hemel toe. Hy—hy het aan die deur geklop, en die, 'n deurwagter het gekom, hy het gesê: "Wie nader hierdie heilige plek?"

Hy het gesê: "Ek's Danny Greenfield, van Amerika, die evangelis."

Gesê: "Net 'n oomblik, Mnr. Greenfield, ek sal op die Boek kyk en kyk of ek jou naam sien." Ingegaan, gekyk op die Boek, hy het gesê: "Jammer. Geen Dan Greenfield hier nie."

Hy het gesê: "Meneer, ek was 'n evangelis in Amerika, en ek het groot dienste gehou, en honderde mense het die Here Jesus ontvang." Gesê: "Sekerlik, het jy my naam misgekyk!"

Hy het gesê: "Daar's geen Dan Greenfield hier nie, meneer. Jy's nie geregistreer nie."

Gesê: "Wat kan ek doen?"

Gesê: "Die enigste ding," die Engel het gesê: "die enigste ding wat ek weet jy kan doen, jy mag jou saak appelleer voor die Groot Wit Troon."

Hy het gesê: "Wel, as dit my enigste hoop is, sal ek dit moet doen."

142 En gesê gelyk asof hy begin beweeg het, en hy het deur die ruimte beweeg vir 'n lang tyd, baie vinnig. Gesê hy het begin inkom in 'n Lig, en soos hy dieper en dieper geraak het in die Lig, het dit gelyk asof Dit nie van enige sekere plek af kom nie, maar net 'n groot Lig. Gesê hy het stadiger en stadiger geraak totdat hy reg ingekom het, gelyk soos die middel Daarvan, en hy het gestop. Hy het gesê: "So 'n gevoel!" Gesê hy het oral gebewe. En gesê: "Dadelik, het 'n Stem daarvandaan gekom wat die wêreld uitmekaar sou geskud het. Gesê: 'Wie is dit, My oordeelstroon nader?'"

Hy het gesê: "Ek, Danny Greenfield, die Amerikaanse evangelis."

Hy het gesê: "Mnr. Greenfield, jy het na My geregtigheid toe gekom?"

"Ja," het hy gesê: "Here, ek het na U geregtigheid toe gekom."

Hy het gesê: "Ek sal jou oordeel volgens My heilige wette." Hy het gesê: "Danny Greenfield, het jy ooit 'n leuen vertel?"

Hy het gesê: "Ek was net gereed om te sê: 'Nee, ek het nooit . . .'" Gesê: "Maar ek het gedink ek het 'n paar dinge vertel wat nie heeltemal die waarheid was nie." Gesê: "Hy het gesê: 'Ja, Here, ek het leuens vertel.'"

Hy het gesê: "Danny Greenfield, het jy ooit gesteel."

Hy het gesê: "Sekerlik kan ek dit antwoord, ek het gedink ek was eerlik." Maar gesê: "In die Teenwoordigheid van daardie groot Lig, het ek baie verdagte dinge onthou wat ek gedoen het."

143 En broer, suster, jy mag dink jy's reg onder hierdie lig, maar wag tot jy in die Teenwoordigheid van daardie Lig kom, beter seker wees.

144 Hy het gesê: "Ja Here, ek het gesteel."

Hy het gesê: "Danny Greenfield, om in My Koninkryk in te gaan, moet jy volmaak wees. Was jy volmaak?"

Hy het gesê: "Nee Here, ek was nie volmaak nie."

145 Gesê: "Al my bene het begin loskom." Hy het gesê: "Ek het geweet dat die volgende groot ontploffing sou kom, ek sou daardie groot Stem hoor sê: 'Skei jou af van My vir altyd, jou werker van ongeregtigheid!'"

146 Gesê: "Net toe ek geluister het na daardie Stem," gesê: "het ek die soetste Stem gehoor wat ek ooit in my lewe gehoor het." Gesê: "Daar was geen moeder se stem wat ooit so kon wees nie." En gesê: "Ek het omgedraai om te kyk, en ek het die liefdevolste gesig gesien waarna ek ooit gekyk het." Gesê: "Geen moeder se gesig kan so liefdevol wees nie." En gesê: "Hy het naby gekom, Sy arm om my gesit, Hy het gesê: 'Vader, waarlik, Danny Greenfield was nie volmaak in sy lewe nie, maar hier's een ding wat Danny Greenfield gedoen het: Toe hy op aarde was, het hy vir My gestaan, en Ek sal hier vir hom staan.'"

147 Wie sou vir jou staan, vanaand, vriend, as jy vanaand sou gaan? Laat ons ons hoofde buig en daaraan dink, net vir 'n oomblik.

148 Die koningin het gestaan toe sy die gawe van God sien werk het, sy het gestaan en sy het gesê: "Dis alles waar." En vanaand, terwyl God se grootste Gawe, die Heilige Gees, in hierdie gehoor beweeg, wonder ek of jy vanaand op jou voete sal staan en sê: "God, wees my genadig. Dis alles waar, dat ek U nodig het. En niemand kan vir my staan in daardie Dag, behalwe U nie, en ek gaan nou vir U staan, sodat U vir my sal staan op daardie Dag." Terwyl ons dink, 'n oomblik wag, as jy jou behoefte aan Christus gevoel het, sal jy net jou hand opsteek?

149 God seën jou, dame. God seën jou, jongdame. God seën jou, meneer. God seën jou, dame. God seën jou, jou, jou, daaragter. Ver hier onder aan my linkerkant, die Here seën jou. Aan my regterkant, hier oorkant nou, enige plek, binne of buite? "God, ek voel my behoefte aan U, ek wil my hand opsteek." God seën jou, jongkêrel. "Ek wil my hand opsteek." God seën jou, dame, wat hier sit. God seën jou, jong dame. O, daardie tienermeisies, God seën hulle siel. Jong kêrel daaragter, daardie dame, God seën jou. Buitekant, buitekant, mans of vroue buite Christus, wat . . . sal julle nie net sê: "Here God, net nou . . . "?

150 Ek mag julle nooit weer sien nie, vriende, ek mag weer terug wees hier, eendag, ek mag dalk nooit lewe om terug te kom nie. God seën jou, dame, wat hier sit. Ek mag dalk nooit lewe om terug te kom nie, en as ek sou, en hierdie groep mense van hierdie grootte vanaand, as ek 'n jaar van nou af sou terugkom, is daar baie van julle wat nie hier sou wees nie, sou julle weg gewees het. Die volgende keer wat ek jou in my lewe sien . . . Baie van julle hier, die volgende keer wat julle my gesig sien, sal by die Oordeelsbank wees waar die koningin van Skeba daar sal staan. Sy het haar standpunt ingeneem.

151 Is jy goed genoeg in jouself, dink jy, om daar te staan? Vertrou julle regtig Sy genade? En julle wil staan . . . Jy wil hê Hy moet vir jou staan, jy wil nie in jou eie geregtigheid probeer staan nie, jy wil Sy genade en barmhartigheid hê.

152 Iemand wat nie hulle hand opgesteek het nie, sal jy net jou hand opsteek, sê: "God wees my genadig? Ek het U nou nodig, Here, *hier* is my hand." God seën jou, jong dame. God seën jou, jong dame. Goeiste, die tienermeisies, oral. God seën julle, daar's nog een hieragter. Dis reg. God seën jou, dame, hier.

153 Die, hierdie dogtertjies, net 'n strik, Amerika se god is 'n vrou, julle weet dit, dis op ons geld. Sy . . . Amerika, haar god is 'n vrou, Hollywood en al die onsedelikheid, en dinge, het dit bewys. God seën hierdie klein, babadogtertjie, nie meer as omtrent tien jaar oud nie, met haar handjie op.

154 Niks teen my susters nie, hulle is die room van die oes. Dames, julle is God se dogter, jy is beslis, maar o, hoe hierdie modewêreld, die dame neem en haar klere afstroop, en o, wat 'n jammerlike ding!

155 En julle, baiekeer, jong manne, met julle oë wat begeer en kyk, jou kop draai, broer, as jy kyk sal jy skuldig wees aan owerspel.

156 Suster, as jy jouself so voorstel, maak nie saak hoe skoon jy probeer lewe nie, God sal jou laat antwoord vir owerspel pleeg met 'n sondaar wat na jou gekyk het. Het jy Sy hulp nodig? As jy glo, steek net jou hand op, nou net voor gebed. God seën jou. Dis goed, goed. God seën hierdie jong dame hier oorkant, ook.

Laat ons nou bid.

157 Hemelse Vader, ons word geleer dat in die boek van wetenskap, dit maak aanspraak dat 'n man nie sy hand kan opsteek, wetenskaplik nie, want swaartekrag hou sy arms af, maar wanneer 'n man sy hand opsteek, wys dit dis iets behalwe wetenskap, dis 'n gees wat hom swaartekrag kan laat oorheers. En wat het hom sy hand laat opsteek? Want die Engel van God was daar, en het gesê: "Seun, dogter, jy's verkeerd." En hulle het 'n besluit geneem, en hulle het hulle hand opgesteek, waarvandaan die Skepper sal kom, en herken het dat, deur hulle hand op te steek na hulle Skepper: "Ek's verkeerd, O Here vergewe my."

158 God, U sal nooit een van hulle verkeerd laat gaan nie, ek bid met my hele hart. Hierdie is U Woorde, Jesus, ek haal Hulle aan vir die . . . weer oor, sodat Satan sal weet dat Dit U Woord is, U het gesê: "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het," teenwoordige tyd: "Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het," verlede tyd: "oorgegaan uit die dood in die Lewe." Hoe ons U dank daarvoor, Here!

159 Daardie harte, glo ek, Here, hulle kom, daardie hande kom van ware, eerlike harte. En weer staan daar geskrywe: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." So U is hier. Hulle is die juwele van hierdie boodskap, vanaand, Here, ek bid dat U hulle nou sal hou, en U hulle aan U Seun sal gee, as liefdesgawes. "Niemand kan hulle uit Sy hand ruk nie."

160 Wek hulle op in die laaste dag, en wanneer die koningin van die Suide staan, mag hulle staan in die geregtigheid van Jesus Christus op daardie dag, want hulle kom, miskien nie van die uiteindes van die aarde af nie, maar miskien teen geloofsbelydenisse en denominasies wat hulle sou weghou, teen die bose duiwel wat hierdie jong meisies sou uitstuur in die padkafees, sigarette rook, en kortbroek dra, en wangedra, sou hy hulle daar gehou het, en hierdie jongmanne van drink en fuif. Maar vanaand, het hulle reguit uitgestap, hulle hand opgesteek: "Here God, wees my genadig." Dan weet ek hulle is U s'n, Here.

161 Ek verwag om hulle in 'n beter wêreld te sien, waar daar geen siekte of droefheid of dood meer is nie. Hulle is Uwe, Vader, en ons gee hulle aan U. Mag hulle 'n baie goeie kerktuiste vind, gedoop word, en daar, gevul word met die Heilige Gees, en getrou lewe totdat die dood hulle sal vrystel en hulle in U Teenwoordigheid kom. In Jesus' Naam, bid ek. Amen.

162 Nou, onmiddellik na die diens verby is, julle wat julle hande opgesteek het, wil ek hê julle moet hiernatoe kom na die genesingsdiens en God prys omdat julle daardie genade gegee is. Dertig, veertig, vyftig hande het opgegaan om die gebou, ek wil hê julle moet kom en hier rondom bid, na hierdie verby is.

163 Nou, vriende, alles wat ek in die aande gesê het, alles wat ek gesê het, sou wees, sal net wegval as God nie Homself bekend maak dat Hy steeds dieselfde God is nie. Nou, ek wil hê julle moet dit weet, en ek sê dit met alle respek en goddelike vrees: Daar is nie 'n mens in hierdie wêreld wat enigiets vir jou kan doen, tensy jou geloof eers in 'n voltooide werk is wat Christus op Gólgota gedoen het nie. Sien?

164 Daar is Paul Cain hier, iewers, wat hier sit, 'n groot bediening, Tommy Hicks, baie ander, Broer Culpepper, baie van hierdie hier, Broer Lindsay, om die wêreld gegaan, baie van hulle, wat gepreek het, groot herlewings, vra hulle of hulle ooit enigiemand genees het. Beslis nie. Hulle het die Woord verkondig, God het die werk gedoen.

165 Maak nie saak hoeveel die Evangelie gepreek word, hoe teenwoordig God was nie, as jy terugtrek en dit nie glo nie, kan hulle jou nooit help nie, hulle mag jou salf met olie, hande op jou sit, of enigiets in die wêreld doen, dit sou jou nooit help totdat jy, jou geloof van *hieraf* beweeg tot *hierin* nie, jy sê: "Ja, God, ek glo dit."

166 Kyk, wat is geloof? Ek het 'n oomblik, het ek? "Geloof is die vaste vertroue van die dinge waarop gehoop word, die bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Nou, sien is nie glo nie, dit is nie. Baiekeer . . . (Kom hier, Paul.) Hier staan 'n man langs my, het 'n grys jas aan, donker hare. Hoeveel glo dit? Sekerlik, julle sien dit. Ek sien hom nie nou nie, maar hy's steeds daar. Julle met my wil stry, hy's nie? Hoe weet ek hy's daar? Want ek het hom gevoel, ek

het ’n ander sintuig, ek voel hom. Sien? Nou, ek kan hom nie nou voel nie, maar ek sien hom.

167 Nou, wat is . . . ? (Dankie, Broer Paul.) Wat is geloof? Die vaste vertroue van dinge waarop gehoop word, die bewys dinge wat jy nie sien, proe, voel, ruik, of hoor nie, jy glo dit. En as elke persoon hierbinne glo dat Jesus Christus teenwoordig is en jou gaan genees, net dieselfde as jou sig, as jy kan sien, sê daardie hemp is wit, dis, dis afgehandel. Sien? As die sintuig van geloof sê dis reg, net soos die sintuig van sig sê dis reg, is dit verby, jy het nie nodig om voor te bid, of niks nie, sien, dis alles verby.

168 Nou, wat is dit? Hier’s geloof, laat ek vir julle wys: Ek sterf van die honger, en ek staan hier honger, en jy gaan verby, en sê: “Hallo, Broer Branham.”

Ek sê: “Aangename kennis?”

“Wat makeer, Broer Branham?”

“Ek sterf van die honger.”

“Wat sal jou lewe red.”

“’n Brood.”

“Goed, hier’s vyf-en-twintig sent, Broer Branham, vir ’n brood,” die koopprys, stap weg.

169 Wel, ek neem daardie vyf-en-twintig sent, dis nie net skyngeloof nie, ek hou vyf-en-twintig sent, sien. Goed. Ek kan begin juig en net so bly wees met daardie vyf-en-twintig sent, as wat ek kan met die brood. Hoekom? Want ek het die koopkrag van ’n brood.

170 Nou, ek—ek mag dit dalk nie hê nie, en ek sal dalk vyf myl moet loop om dit te kry, ek sal dalk oor brûe moet gaan, en af oor doringbosse, en oor die spruit, en oor die voetstomp, en bo-oor die heuwel, maar die heeltyd kan ek skree, en kan ek net so gelukkig wees met die vyf-en-twintig sent as wat ek kan, voor ek die brood kry, soos ek het nadat ek dit gekry het, want ek het die koopkrag daarvan, ek het die ding wat dit koop, dis afgehandel, ek het vyf-en-twintig sent, dis wat kos om brood te koop.

171 Maak nie saak of my hand reguit kom nie, my ore oopgaan, solank iets in my hart sê: “Dis verby,” halleluja, ek kan die lof van God uitroep: “Ek het dit!” Ja, meneer. Want hoekom? Ek het die koopkrag, ek glo dit.

172 Nou, wat is hierdie Bybel? Die waarheid, of is Dit nie die waarheid nie? As Dit nie die waarheid is nie, weg Daarmee; as Dit die waarheid is, glo Dit. Jesus het ’n belofte gemaak: “Ek . . . ’n Klein tydjie, en die wêreld sien my nie meer nie,” daardie woord, *kosmos*, die Griekse woord wat “die wêreldorde” beteken, baiekeer die kerk, die *sogenaamde* kerk: “die wêreld, hulle sal My nie meer sien nie, hulle kan My nie sien nie, tog sal julle My sien,” dis die Kerk: “want Ek,” persoonlike

voornaamwoord: "Ek sal met julle wees, selfs in julle tot aan die einde van die wêreld. Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen; meer as hierdie sal julle doen."

173 Nou, die Koning James sê *groter*, maar as jy na die regte vertaling kyk (Hoe kan dit groter wees? Die dooies opgewek, die natuur gestop, alles gedoen.): *meer*. Waarom? Dit sal alles universeel wees. God was in een plek, in Sy Seun, Christus; nou is Hy in die Kerk, universeel. Wel, daar's tienduisend maal meer wat nou gedoen word, as wat daar gedoen is in die dae van Christus, want *hier* gaan ons deur iets, *hier* gaan 'n ander man deur vervolging, en 'n ander een rig die dooies op; 'n ander een open 'n verblinde oog, regoor die wêreld, net nou, Sy groot Kerk, universeel. Halleluja!

174 O, julle gaan my in elk geval 'n holy-roller noem, so ek kan maar net sowel halleluja skree, want dit beteken: "Prys ons God," en Hy's—Hy's alle lof waardig. Hy's nou hier, nadat Hy dood was.

175 Nou, as jy na 'n pampoenrank toe gegaan het, sou jy verwag om pampoene te kry; jy na 'n waatlemoenrank toe gaan, verwag jy om waatlemoene te vind; jy na 'n wingerdstok toe gaan, sou jy na druiwe gaan; en as jy na die Kerk toe gekom het, verwag jy nie teologie, en stry, en baklei nie, jy verwag om die Lewe van Christus, die Wynstok, te sien beweeg in die lote, wat dieselfde Gees voortbring wat gelewe het in die Here Jesus, want Hy lewe, Hy lewe vandag. As Hy is, sal Hy dieselfde werke doen. Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen wat My gestuur het nie, moet My dan nie glo nie."

176 En julle mense hier wat pas Christus ontvang het 'n rukkie gelede, as God nie in hierdie kerk inkom vanaand en dieselfde ding doen wat Hy gedoen het toe Hy hier was in die Here Jesus, soos Hy altyd gedoen het nie, moet dit dan nie glo nie; maar as Hy dit doen, juig dan. Heidene het gode, maar hulle is dood, ons het God wat lewe, nie 'n geverfde vuur nie, 'n lewende Jesus. En as Hy kom en optree . . .

177 Onthou, Hy het gesê: "Die Seun kan niks in Homself doen behalwe wat Hy die Vader sien doen nie." Johannes 5:19. Het julle dit al ooit gelees? Hoeveel het dit al ooit gelees? "Die Seun kan niks doen nie."

178 Nou, geen Skrifte kan verbreek word nie, Jesus het so gesê. So, Jesus het nooit een wonderwerk gedoen totdat Hy die Vader dit sien doen het nie. "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle," dis *absoluut*, *absoluut*: "Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy sien," nie hoor nie, nie geopenbaar nie, maar: "wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so; want die Vader werk, en Ek werk tot nou toe." Sien dit?

179 Toe, toe 'n vrou eenkeer, waar Hy geen visioen vir haar gesien het nie, het sy Sy kleed aangeraak, uitgegaan en in die gehoor gesit, Hy het gesê: "Wie het My aangeraak?"

Hulle het gesê: "Die hele menigte." En Petrus het Hom bestraf.

180 Hy het gesê: "Maar Ek het swak geword." En Hy het rondgekyk totdat Hy die vrou gevind het, vir haar gesê haar bloedvloeïng is gestop omdat haar geloof gered het. Dit reg?

181 Nou wil ek vir julle predikers iets vra: Sê die Skrif dat Jesus Christus vanaand 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede? Sê Hy dit? Wel dan, as Hy 'n Hoëpriester is wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede, hoe sou jy weet jy het Hom aangeraak as Hy nie dieselfde opgetree het as wat Hy toe het nie? As Hy dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, sal Hy dieselfde moet optree as wat Hy gister, vandag, en tot in ewigheid gedoen het. As Hy daardie teken gedoen het om te bewys by die afsluiting van die Joodse eeu . . .

182 Maar onthou, nie een keer het Hy dit aan die Heiden gedoen nie, net aan die Jood en die vrou by die put, Samaria. Die Jode het dit herken, die ware Jood: "Dis die Messias. U is die Seun van God; die Koning van Israel."

183 Maar daar was diegene wat daar gestaan het, gesê het: "Hy's Beëlsebub, die prins van die duiwels." Sien? Steeds dieselfde vandag.

184 Maar Hy het gesê: "Moenie na die Heidene toe gaan nie." Hoekom? Ons was heidene in daardie dae. Maar nou, het hulle gesoek na die Messias. Nou het ons tweeduisend jaar na Hom gesoek. Het ons? Wel dan, wanneer ons tydperk afsluit, as God, soos ek gisteraand gesê het, as Hy een keer optree oor enigiets, moet Hy elke keer dieselfde optree, of Hy het die eerste keer verkeerd opgetree. Sien? Hy kan nie enigiets terugneem nie.

185 Ons word slimmer, Hy's oneindig om mee te begin, Hy raak nie slimmer nie, Hy kan nie, want Hy's volmaak, altyd, so Sy eerste besluit is altyd dieselfde besluit. So aan die einde van hierdie eeu, kon Hy Homself nie aan ons laat manifesteer as ons geloofsbelydenisse en ons denominasies nie, moet Hy Homself dieselfde manifesteer as wat Hy toe het. Hy het nie hulle geloofsbelydenisse herken nie, Hy het gekom en tekens gewys deur hulle gedagte te onderskei, te doen wat die Vader vir Hom gesê het om te doen, en hulle het Hom 'n duiwel genoem, 'n fortuinverteller. Hy moet dieselfde doen.

186 Hy het dieselfde gedoen vir die Samaritaan. Wat het daardie vrou gesê? Sy het gesê: "Wel, kom sien 'n Man wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die einste Messias nie?" Ek het gisteraand gesê sy het meer van God geweet as die helfte van die predikers, en dis reg.

187 Nou, as Hy Homself dieselfde manifesteer vanaand, hoeveel sal Hom glo? Dis julle diens. God seën julle.

188 Gebedskaarte. Waar—waar's Billy? Wat. . .? Een tot 'n honderd, waarin? R. Gebedskaartjie, R, een tot 'n honderd. Kan nie almal op een slag oplyn nie, maar sodra ek in die ry afkom so ver as wat ek kan, wil ek—wil ek hê party van hulle moet oorneem nadat ek vertrek; ek sal die hele groep probeer kry as ek kan.

189 Wie het gebedskaartjie R, nommer een, steek jou hand op? Sal jy jou hand opsteek? R, nommer twee, steek jou hand op. R, nommer twee, net daar. Drie, R, nommer drie. Nommer vier, hier oorkant. Goed, meneer. Nommer vyf. Kom hier, meneer. Nommer vyf. Wie het R, nommer vyf? Sal jy jou hand opsteek?

190 Kyk na julle. . .iemand naby julle. Hierdie mense hier, miskien in hierdie stoele, kan nie hulle hande opkry nie. R, nommer vyf, steek jou hand op, sal jy? Het ek dit gemis? Skud jou hand ver op as jy kan. Nou kyk na jou buurman se kaart. Iemand sê dit. . .Dit mag iemand wees wat doof is, nie kan hoor nie. R, nommer vyf. Goed, wat hulle plek verloor. Goed. R, nommer vyf.

191 Nommer ses, net daar. Nommer sewe. Nommer sewe. Sien ek dit? Sewe, agt. Nou as nommer vyf uit is, kom in, laat ons weet. Nommer agt, nommer nege. Steek jou hand vinnig op. Goed. Tien, elf, twaalf, twaalf. Het ek dit gesien? Dertien, veertien, vyftien, vyftien, sestien, sewentien, agtien, agtien, negentien, negentien, twintig, een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig. Dis goed. (Een, twee, drie, vier, vyf.) -Ses, -sewe, -agt, -nege, dertig. Hoeveel plek het julle daarbuite? Goed.

192 Nou, onthou net, soos julle getalle volg, wanneer daardie ry 'n bietjie laer gaan, nou, begin een-en-dertig, twee-, drie-en-dertig. Ons gee nie om hoeveel staan nie, ons wil net nie hê julle moet te lank staan nie, want in onderskeiding. . .

193 Nou, kom ons stop net daar, en laat almal net staan vir 'n, ek bedoel almal sit net vir 'n oomblik of twee. Wees nou net baie eerbiedig, baie eerbiedig.

194 Hoeveel in die gebou hier, wat nie 'n gebedskaartjie het nie en jy wil hê God moet jou genees, en jy glo jy het genoeg geloof om Sy kleed aan te raak, en Hy sal omdraai, die Hoëpriester? Steek jou hand op, sê: "Ek wil gebed hê, Broer Branham. God, genees my." Steek julle hande nou hoog op, sien, die heelpad om. Goed. Dan, jy het nie nou 'n gebedskaartjie nie, en jy wil hê God moet jou genees. Goed, nou hou julle net hierdie kant toe dop, wees baie eerbiedig, glo met julle hele hart, kyk of God dit nie doen nie.

195 Goed. Hoeveel het hulle nou opgelyn daaronder? Dr. Vayle, hoeveel is opgelyn? Hoe kom jy aan? Almal daar behalwe, nommer wat? Nommer 5. Het nommer 5 al ingekom? Was dit R of P, wat was dit? R, R, nommer 5. Jy seker jy het na almal gekyk? Ek

dink iemand doof, nou, want 'n tyd gelede, het ek 'n brief gekry wat gesê het: "Broer Branham, ek was doof en niemand . . . Ek het nie geweet jy het my nommer geroep nie." Sien? Dan hou ek—ek nie daarvan nie. Of: "Ek kon nie opstaan nie, Broer Branham, en—en niemand het na my kaart gekyk nie." Ek sou nie wou hê dit moet gebeur nie, sien, beslis nie. Nou, dit beteken nie hulle gaan genees word nie, dit beteken net hulle—hulle word geroep volgens hulle nommer.

196 Nou, goed, ons sal in elk geval die gebedsry begin. Nou, nou as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid . . .

197 Nou asseblief, vriende, ek wil hê julle moet net so eerbiedig wees as wat julle kan wees, stil, eerbiedig, nou, terwyl veral, die salwing aan die gang is. Dan, as iemand gesond gemaak word, of iets gebeur het, juig jy natuurlik. Ek—ek glo in uitroep, en die Here prys, en almal wat saam met die Evangelie gaan, ek glo in 'n volle, Pinkster, stewige maaltyd, ek glo in dit alles. Maar julle sien, ons moet God stil, verstandig, eerbiedig nader, dan wanneer ons kry waarvoor ons vra, dan omdraai en Hom dank daarvoor. Almal verstaan dit, nie waar nie?

198 Nou wees baie eerbiedig, en ek wil hê julle moet nie rondbeweeg nie. Sien? Elkeen van julle is 'n gees. Hoeveel weet dit? Julle is beslis. En as jy beweeg, sien, nadat jy die greep van die mense het, en jy beweeg, dan meng dit in. En moenie 'n flitsfoto neem gedurende hierdie tyd nie.

199 Nou, goed, jy kan nou die gebedsry begin. Is hierdie . . .? Goed. Nou hierdie, is hierdie vrou hier om te begin? Nou, laat ons net nie wees nie, moenie nou senuweeagtig wees nie. Sit stil, moenie dink watter tyd dit is, of niks nie, dit het niks daarmee te doen nie, kyk net. As Christus opgestaan het uit die dood, wel, broer, suster, ons het alles om oor gelukkig te wees; as hy nie opgestaan het uit die dood nie, dan: "Laat ons gaan eet, drink, en vrolik wees, want môre sterf ons."

200 Nou, as Hy die Seun van God is, en Hy hou Sy Woord deur hier te verskyn op die platvorm in die vorm van Gees, in hierdie foto hier van die Engel van die Here, wat was in die . . . Moses, by Moses in die brandende bos, gemanifesteer in Jesus Christus, die werke wat dit toe gedoen het, toe het Hy gesê: "'n Klein tydjie . . . Ek kom van God; Ek gaan na God . . ." het teruggekeer in die vorm van die Heilige Gees weer in 'n Vuurkolom . . .

201 Nou sê julle: "Broer Branham, was dit Dit wat Paulus neergefel het?"

Dit was 'n Lig, niemand anders het dit gesien behalwe Paulus nie, en Dit het gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê: "Wie is U, Here?"

202 Hy het gesê: "Ek is Jesus." Is dit reg? Hy het gesê: "Ek kom van God af; en gaan na God toe." Toe Hy op aarde was, het Hy gesê: "Ek was die EK IS wat in die bos was." So dan, julle sien: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen."

203 Nou, as daardie Engel wat Sy foto op daardie papier het, as Dit nie dieselfde Lewe voortbring wat Jesus het toe Hy hier op aarde was nie, dan is hierdie die verkeerde Wynstok, dis die verkeerde ding. As Dit groot dinge voortgebring het van iets anders, dan dit . . . dis wat dit is. Maar Dit sal dieselfde soort Lewe moet voortbring. Kyk: "Soos My Vader My gestuur het, so stuur Ek julle." Hoeveel weet die Skrif sê dit? Wel kyk, die Vader wat Hom gestuur het, het in Hom ingegaan, die Jesus wat Sy man stuur, gaan in Sy man in. "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie."

204 Nou, as ons nie die werke van Christus doen nie, glo dan nou die Boodskap. Maar ek het dit uit die Bybel gelees, en as Hy nie dieselfde ding doen nie, goed, dan is Hy nie dieselfde nie; as Hy dit doen, sal ons almal gelukkig wees.

205 Ek probeer julle net stil kry. Sien? Dis waarom ek hierdie tyd geneem het, julle te kalmeer. Een geval sal dit bewys.

206 Nou, die dame, ek ken haar nie. Ons is vreemdelinge vir mekaar, veronderstel ek. Goed. Net sodat die mense kan weet, ons nie, ek vra julle nie om te sweer nie, want die Bybel het gesê moet dit nie doen nie, maar die mense mag weet, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, en ons is totale vreemdelinge vir mekaar, steek net ons hande op sodat die mense sal sien. Ek het nog nooit in my lewe van haar gesien of gehoor nie, weet niks, nie een ding van . . .

207 Daar is nie 'n persoon hier, daarbuite, wat ek ken nie. Ek het gedink ek het Broer Young Brown 'n rukkie gelede gehoor, party van hulle het gesê hy was in die diens, ek, maar ek weet nie waar hy is nie. Broer Young, as jy hier is, God seën jou hart. Maar ek weet nie . . . Hy—hy . . . Party van hulle het gesê hy was by die diens gister, vandag het ek hom nie gesien nie. Maar dit sou die enigste persoon wees wat ek in hierdie gebou kan sien. Hoeveel van julle daarbuite weet dat ek niks van julle af weet nie? Steek jou hand op. Sekerlik.

208 Nou sien, hierdie hier, waarvoor is hierdie mense hierbo? Dis om die salwing te laat begin, dan beweeg dit uit in die gehoor na wie jy ook al is daarbuite, siek. Kyk net op na die Hoëpriester, en sê: "Here God, laat my vanaand, laat ek U net aanraak, dan spreek U reguit terug deur julle lote, en bewys dat . . . Dis hoe U dit gedoen het toe U gister hier was, dis hoe U dit vandag sou doen, U is vir altyd dieselfde." Kyk of Hy dit doen; wees opreg.

209 Nou hier is 'n prentjie van die . . . 'n Bybelse prentjie, Johannes 4, hier's 'n man en 'n vrou, wat vir hulle eerste keer in die lewe ontmoet. En in Johannes 4, het Jesus 'n vrou by die

put van Samaria ontmoet. Ek's baie ouer as die vrou, ons is verskillende tye, waarskynlik gebore in verskillende lande, die eerste keer wat ons ooit in die lewe ontmoet het.

210 Nou, as ek nadergestap, en gesê het: "Suster, halleluja, jy gaan gesond word, jy's siek. . . "

211 Sy mag 'n ongelowige wees, sy mag hier wees as 'n bedrieër. Julle het gesien. . . het van hulle in die ry hoor kom, ook, het julle nie? Ja, meneer. Onthou die een daardie aand wat my sou hipnotiseer? Daar ingekom. . . En gesê: "Die duiwel het jou hiernatoe gestuur, en omdat jy dit gedoen het, sal jy uitgedra word." Hy's steeds verlam. Sien? So, julle sien hulle op die platvorm val, ensovoorts. Laat net die Heilige Gees. . . Ons speel nie kerk nie, hierdie is God.

212 Julle sê: "Waarom talm jy, Broer Branham?"

213 Vir daardie Engel van die Here. Dis reg. As Hy nie kom nie, sal ek die vrou moet laat deurgaan, Ek sal moet maak net soos ek sou as dit nie hierdie gawe was nie. Nou, jy hoef nie die gawe te hê om dit te doen nie, dit het nie een ding te doen met haar genesing nie, en dis net om elkeen van julle te laat weet, as Hy dit doen, dat daar 'n bonatuurlike Wese hier is wat die ding bewys wat Jesus belowe het wat sou plaasvind. Dan as Hy daardie belofte hou, hou Hy elke belofte.

214 Nou, ek wil net 'n oomblik met haar praat om te sien of Hy iets vir haar sou sê.

215 Nou, sonder om jou te ken, jou nog nooit in my lewe gesien nie, as die Here Jesus my iets sou vertel. . . As ek gesê het: "Wel, jy's siek," kan dit 'n raaiskoot wees. Lê my hande op jou, en sê: "Gaan aan, word gesond. Prys die Here." Dit kan in orde wees, Hy kan dit doen. En jy. . . kan God wees wat dit gedoen het, deur my gepraat het. Maar dan, jy mag dooroor dink. Maar as Hy nou teruggaan, iewers onder in die lewe, miskien baie jare, of wat dit ook al is, soos Hy het toe daardie ou visserman gekom het, vir hom gesê het wie hy was, vir hom sy naam gesê, vir hom gesê wat sy vader se naam was, wat daarvan?

216 Toe Hy vir Natánael gesê het: "Ek het jou gesien toe jy onder die boom was."

Hy het gesê: "U is die Seun van God, die Koning van Israel." Sien?

217 Nou, as Hy my een ding van jou sou vertel wat jy weet ek nie weet nie, sou dit moes kom deur bonatuurlike. Sekerlik, dit sou. Dan sou jy sê: "As Hy weet wat *was*, sal Hy sekerlik weet wat sal wees."

218 Nou die Heilige Gees is hier. Daardie Engel wat julle op die foto sien, is nie twee voet van waar ek nou staan nie, dis SO SPREEK DIE HERE. Julle onthou, ek sal julle ontmoet met die

koningin van Skeba in die Teenwoordigheid van Jesus Christus op daardie Dag.

219 Ek neem elke gees hierbinne onder my beheer tot Sy eer. Nou maak soos julle gesê word en wees eerbiedig.

220 Die vrou is 'n Christen; en ek sê dit nie omdat sy huil nie. Skynheiliges huil, en ongelowiges, en al die res, en skyn-glo. Maar die vrou is 'n Christen. En die vrou ly aan 'n toestand van haar rug, en dis waarvoor sy wil hê ek moet bid. Dis reg. As dit reg is, steek jou hand reguit op in die lug. Daar is dit. Glo jy nou?

221 Nou, jy sê . . . Nou, jy sê dit nie vanaand nie, maar jy mag dink dat ek dit geraai het; uitvind. Sy's 'n goeie persoon. Sy kyk nie na my nie, sy het haar oë toe. Ek hoef nie na hulle te kyk nie. God is net so groot *hier* as wat Hy *hier* oorkant is. Sien? Mag Hy dit skenk.

222 Ja, ek sien die vrou, sy ly aan 'n probleem in haar rug, dis reg. En dan het sy ook probleme in haar—haar bors. Dis reg. Dis reg, is dit nie? En jy mag weet dat ek God se profeet is, of Sy dienskneg, liewer: Jy het iemand op jou hart waarvoor jy bid, dis 'n bejaarde paartjie, dis julle vader en julle moeder, hulle is siek.

223 En nog iets, as julle glo dat ek God se profeet is, of, Sy dienskneg: Jy het 'n dierbare vriend wat 'n buurman van jou is vir wie jy bid. En behalwe dit, bid jy vir hulle almal om die doop van die Heilige Gees te ontvang, ek hoor jy vra daarvoor langs die bed voordat jy kom. Dis reg. As dit reg is, wuif jou hand soos *hierdie*, heen-en-weer. Jy het ontvang waarvoor jy gevra het. Gaan blymoedig op jou pad, want jy sal kry waarvoor jy gevra het. Vind jou vader en moeder gesond.

224 "As julle kan glo!" Sien? Nou wees baie eerbiedig, moenie twyfel nie. Glo jy dat dieselfde Jesus wat die vrou se hart by die put geken het, is dieselfde Jesus hier vanaand in die vorm van die Wynstok, en ons is Sy lote? Hoeveel glo dit nou? Dan moet dit besleg word.

225 Nou wees net eerbiedig. Ons het 'n paar wat hier in die ry staan. Ek vertrou net dat Hy iets anders vir ons sal doen. Dis genoeg, dit bewys dit.

226 Watter is dit? Hierdie? Ek's nie buite myself nie, maar julle kan julle voorstel, visioene, en so swak soos ek is, jy weet soms nie waar jy is nie.

227 "O," sê julle: "dis vreemd."

228 Het julle geweet Elía het nie geweet waar hy was vir veertig dae en nagte nie, en God het hom agter in 'n grot gevind, nadat 'n visioen na hom toe gekom het? Daniël was ontsteld in sy kop vir baie dae deur een droom.

229 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Hierdie ons eerste ontmoeting? Jy net . . . Iemand—iemand het vir jou 'n gebedskaartjie gegee. En toe daardie gebedskaartjies uitgegee

is, is hulle hier voor die mense gebring en almal deurmekaar, en gee hulle net aan waar hulle ook al wil. Jy weet nie waar jy beland nie, want partymaal begin ons van *een* plek af en 'n *ander*, maak nie saak nie. Net 'n gebedskaart met 'n, met my naam daarop en 'n nommer daarop, dis al.

230 Maar God ken jou. Nou, as Hy aan my sal openbaar waarvoor jy hier is, sal jy glo dat ek Sy dienskneg is? En jy glo dan, dat dit 'n Gees sou wees, sou julle moes weet dat daar een of ander soort Gees hierbinne is wat dit sou weet, want dit kon nie deur 'n mens kom nie. Dit sou 'n groter wonderwerk wees as om daardie klein, kreupel babatjie te sien opstaan en loop.

231 Het julle dit geweet? Psigiese emosie kan daardie baba opbring en loop. Reg. Psigiese emosie kan daardie seun uit die rolstoel bring. Psigiese emosie kan nie voorspel, en sê wat sal wees, en wat was, kan dit nie doen nie, dit verg Gees van God.

232 Die dame is hier, sy wil hê ek moet vir haar bid, want daar is iets verkeerd in haar mond, dis inflammasie van jou tandvleis, dis SO SPREEK DIE HERE.

233 Net 'n oomblik, ek het iets anders sien verskyn, dis 'n kind. O, jy het 'n kind wat slegte voete het, dis reg, SO SPREEK DIE HERE. En jy's nie van hier nie, jy kom van die noordwes, jy's van die panhandle, jy het gekom van 'n stad genaamd Lubbock, Texas. Gaan terug, jy het waarvoor jy gevra het, Jesus Christus maak jou gesond.

234 Hê nou geloof in God, moenie twyfel nie, moenie twyfel nie, glo net met jou hele hart, met alles wat in jou is. Hê net geloof, hê geloof in God.

235 Ons is vreemdelinge vir mekaar. Hierdie ons eerste ontmoeting?

236 Nou wees baie eerbiedig. Iets bly plaasvind hier agterin. Nou moenie twyfel nie, glo net met jou hele hart.

237 'n Dame wat daar sit met 'n klein, geruite rok aan, pienk, of groen, of wat dit ook al is, wat reguit hiernatoe kyk, bid, met artritis, glo jy die Here het jou toe genees, suster? Glo jy dit met jou hele hart? As jy dit glo, mag jy dit ontvang en God sal jou gesond maak.

238 Beweeg in die gehoor, Dit gaan oor na 'n dame met haar hoof gebuig, reg hieragter, wat sit met haar hoof gebuig, die tweede vrou in. Sy ly aan 'n lewerprobleem. Wat het jy aangeraak, suster? Ek ken jou nie, ken ek? As dit reg is, wuif jou hand. Jou nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy dat ek God se profeet is, of, verskoon my dat ek dit sê, Sy dienskneg? Goed. Ek het jou nog nooit gesien nie. Jou toestand, waar 'n donker streep oor jou gehang het, dit het verbygegaan, jou geloof het jou genees.

239 Ek wil vir julle iets vra: As dit nie die Gees van Jesus Christus is, wat dieselfde optree as wat Dit gister het nie, wat is Dit? Dat

jy mag weet dat ek Sy dienskneg is: Die dame wat daar langs jou sit, omdat die Gees op jou is, sy ly aan hartprobleme waarvan sy genees wil word. As dit reg is, dame, staan op jou voete. Glo jy dat ek God se dienskneg is? Ek ken jou nie, ken ek? Dis reg.

240 Lê jou hand op die dame wat langs jou sit wat pas opgesteek het, sy het rugprobleme waarvan sy genees wil word. Staan op, dame, Jesus Christus maak jou gesond.

241 As jy glo dat ek God se dienskneg is, die dame wat langs haar sit, is 'n dame wat probleme in haar sy het, sy het sy-probleme. Is dit reg, dame? Dit is reg. Staan op, steek jou hand op. Jou geloof het jou genees.

242 Neem dit al die bygeloof weg daarvan? Dis God, ek ken nie daardie mense nie. Maar jou geloof het jou genees, gaan huis toe, jy's gesond. Wat het hulle aangeraak? Hulle het my nooit aangeraak nie, hulle is vyftien treë van my af, Dis die Hoëpriester, Jesus Christus, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, die Herrese. Moenie twyfel nie, glo.

243 Ek's jammer, Dit was in die gehoor, ek moet net werk soos die Gees beweeg. Dis so 'n verswakkende saak. Is ons vreemdelinge? Ek ken jou nie, en jy ken my nie. As God vir my sal sê waarvoor jy hier is, glo jy dat ek Sy dienskneg is? Jy weet iets gaan aan, daardie gevoel, tussen my en jou staan daardie Lig.

244 Julle beweeg weg van my af, julle beweeg ver weg. Ek kan jou net nou sê jy's nie van hierrond nie, want jy's van 'n beboste streek, waar daar baie swaar bome en woude is. En jy ly aan 'n vroueprobleem. En jy het 'n begeerte in jou hart om 'n baba te hê, en jy kan nie die baba hê nie. En jy het gekom van Denver, Colorado, SO SPREEK DIE HERE. Dis reg. Gaan huis toe en ontvang jou kind, God sal dit vir jou gee as jy glo.

Wees baie eerbiedig. Hê geloof, moenie twyfel nie, glo met jou hele hart.

245 Met daardie voetprobleem wat daar sit, glo jy dat God jou sal gesond maak? Aanvaar jy dit, glo dit dat Hy dit sal doen? Goed. Dan is dit verby. God seën jou.

246 Ek ken jou nie, jongman, ken ek? Het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Dis reg. Maar jy het daar gesit en bid, het jy nie? Sien? Ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie, maar jy's genees, jongman, jou geloof het jou gesond gemaak.

247 Hierdie bejaarde dame wat hier sit met die bril op, het ook 'n voetprobleem gehad. Sy het gely, en toe ek dit vir daardie persoon gesê het, toe het sy ook geloof gehad. Glo jy dat God jou ook genees het? Dis reg. Ek ken jou nie, ken ek? Maar toe ek voet vir daardie man daar gesê het, het dit jou laat spring, het dit nie? Die Heilige Gees het jou getref en jou net daar genees. Jy's genees, jou geloof maak jou gesond. Amen.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie.

248 Wat daaragter sit met 'n sakdoek op jou gesig, aan die huil, met daardie maagprobleem, vergeet dit, God het jou genees.

249 Ek daag julle geloof uit, in Jesus Christus se Naam, om te glo dat dit Hy is wat my salf, dit doen! Nou, weet julle hoekom? Weet julle hoekom daardie vrou genees is? Daardie duiwel het gedink hy sou—hy sou dit vang . . .

250 Hierdie man net hier ly aan maagprobleme. Dis reg. Jy het iets verkeerd met jou maag. Dis reg. En, julle sien, daardie Gees het van daar af beweeg, om hulp geroep na daardie duiwel daarbuite, daar's 'n swart streep wat daar van die man af weggaan, ek het die visioen tussen hulle gesien. Ek sê jou iets anders, meneer. Glo jy dat ek Sy profeet is? Goed. Daardie seer in jou mond sal ook weggaan. Glo jy dat Hy dit sal doen? Goed, meneer. Jy's ook nie van hierdie streek nie, jy's van Oklahoma. Jou naam is Mnr. Meadows. Gaan terug, jy's genees, Jesus Christus maak jou gesond.

251 Kom gelowig. Glo jy God het daardie artritis genees terwyl jy daar gesit het? Gaan van die platvorm af, verheug, sê: "Dank die Here."

252 Ek wil vir jou wys: Jy het 'n senuweeagtige hart. En daar's soveel wat daarbuite trek, laat ek julle wys, kom hier, net 'n oomblik, hier's die rede waarom ek dit nie nou kan noem nie, die Heilige Gees probeer om . . . Ek sal julle iets wys wat nie ek is nie, maar die Here sal, as julle my net sal glo, kyk hier, kyk hier, hier's waarom ek dit nie kan noem nie: Almal daarbuite wat ly aan senuweeagtigheid van enige aard, staan op julle voete. Sien? Nou, hoe kan julle dit noem? Staan net 'n oomblik op julle voete. Hê geloof.

253 Kom hier, staan net hier. Kyk na my. Glo jy dat ek Sy profeet is? As God aan my sal openbaar wat jou probleem is, sal jy dit glo? Jy het asma, hoes. Almal met asma, staan op jou voete. Oral, gepla met asma, hoes, staan op jou voete.

254 Hartprobleme, staan net hier. Almal met hartprobleme, staan op julle voete, glo.

255 Jy het 'n verstandelike senuweeagtigheid, wat diep dink, brûe oorsteek voor jy by hulle kom, ander dinge neem wat nie gebeur soos jy altyd dink dit gebeur nie, dis 'n verstandelike senuweeagtigheid. Hierdie hele groep is *op een of ander manier* gebind daarmee. Beweeg oor na een kant toe, net 'n oomblik. Hê geloof in God en glo met jou hele hart.

256 As God net hier kan genees, kan Hy daarbuite genees. Hoeveel gelowiges is hierbinne? Steek julle hand op. Hou God Sy Woord? Kyk, Jesus het gesê: "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word." Het Hy dit gesê? Wel, Wie het dit gesê? Dieselfde Jesus wat nou hier is, wat spreek, nie 'n dooie God nie, 'n herrese God. Wel,

Hy's hier, groter as Salomo, Dis die herrese Jesus, Hy's nou in julle teenwoordigheid, en julle is in Sy Teenwoordigheid.

257 Lê julle hande op mekaar, elke siek persoon hierbinne, lê jou hand op die persoon en bid soos jy dit in jou eie kerk doen. Daar's net een ding wat julle, elkeen, keer om genees te word, almal op hierdie een slag, dis ongeloof. En ek gaan hierdie predikers vra om op hulle voete te staan en saam met my te bid dat ons ongeloof sal uitdryf.

258 As jy die duiwel van ongeloof kan uitkry, gaan hierdie die grootste aand wees wat jy ooit gesien het. Julle almal in die rolstoele, oral, maak gereed om uit te stap.

259 Almagtige God, in die Naam van Jesus, kom tot ons redding, U die Môrester, die Alfa, Oméga, die Begin en die Einde.

260 O, Satan, jy is ontbloot, jy het die stryd verloor. Kom uit hierdie gehoor uit, in die Naam van Jesus Christus, beweeg hier uit! 

58-0613 Die Koningin Van Die Suide
Tentdiens
Dallas, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org